Die Slang Se Saad

. . . God, die groot en magtige God, Wie alle dinge gevorm het deur die krag van Sy Gees; en Jesus Christus gebring het, Sy enige gebore Seun, Wie vryelik gesterf het vir ons sondaars, die Regverdige vir die onregverdige, om ons terug te versoen in hierdie wonderbaarlike gemeenskap wat ons weereens met God het. Soos ons geleer word in die geseënde Woord, dat ons gemeenskap gehad het met Hom voor die grondlegging van die wêreld. "Toe die môresterre saam gesing het, en die seuns van God gejubel het van vreugde, lank voor die grondlegging van die wêreld." Hoe weet ons nie dat dit op dieselfde tyd was dat die Lam geslag was nie; dat toe God, in Sy groot denke, ons gesien jubel en juig het in ons saligheid deur Jesus nie!

2 En, vanaand, het ons slegs 'n voorsmaak van daardie groot Goddelike glorie wat openbaar sal word by Sy tweede Koms. Alle siekte en droefheid sal mee weggedoen wees. Dan sal ons 'n liggaam hê soos Sy Eie glorieryke liggaam, want ons sal Hom sien soos Hy is. Hier soos ons kyk na ons hande wat verwelk, ons hare wat grys word, en skouers krom getrek, is ons bewus dat ons sterflinge is en oppad is na die stof vanwaar ons hoofde nou gebuig is, en waar ons vandaan kom. Maar, Here God, net so seker as U God is, het U 'n belofte gemaak dat ons weer opgerig sou word in die laaste dae, en ons glo dit.

3 Ons staan ernstig met ons geloof vanaand in U Teenwoordigheid, kom met vrymoedigheid omdat Jesus ons beveel het om dit te doen. Nie op enige goeie ding wat ons gedoen het nie, want ons het niks reg gedoen nie; maar ons kom nederig, betuig dat ons hierdie skat besit as gevolg van Sy genade wat aan ons toebedeel is. Daarom, kom ons en vra dat U ons sal seën vanaand in die voortbringing van die Woord. Want dit is geskrywe, dat, "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar deur elke Woord wat uit die mond van God gaan." En laat die mond van God gespreek word vanaand. Laat die woorde voortkom, en mag Dit diep ingaan in die harte van ons, die luisteraars, en gevul word met U Gees en U Teenwoordigheid. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

4 Van—vandag en gister, gisteraand, liewer, en vandag, het ons gepraat oor die onderwerp, eers, om dit 'n opskrif te gee, *Waarom Ons Nie 'n Denominasie Is Nie*. En ons het dit nogal kras gemaak, waarom ons nie 'n denominasie is nie, en waarom ons nie glo in denominasies nie. Want, ons vind dit in die Bybel, dat denominasies nooit verorden was van God nie; dit was verorden van die duiwel; en het dit deur die Bybel bewys.

En hoe dit, deur die denominasies, onjuistheid voortbring. Nou ons sê dit om te korrigeer en om hierdie Tabernakel in 'n gemeenskap te bring om die geseënde Woord van God. Dat, ons hoop nie gebou is in wat denominasies sê, of wat enige mens sê nie; dis gebou op wat die Here God gesê het. En dis die enigste manier wat ons ooit reg tereggewys kan word.

5 En vanmôre, het ek vyf, dink ek, verskillende artikels gehad wat uitgekom het deur denominasies, wat absoluut nie van gepraat word in die Bybel nie, wat die Protestantse kerke na toe neerbuig, en leer vir doktrine; dieselfde ding wat die ou moeder prostituut, Katolieke kerk preek, en uitgekom het in die Protestantse kerk. En ons buig na dieselfde ding wat teenstrydig is met enige plek in God se Woord.

6 Die eerste denominasie kerk, ons het dit vanmiddag opgekyk in die Niceense vaders se geskiedenis, van die Niceense kerk. Ná die dood van die apostels, daar het die Niceense vaders gekom, en hulle het vir verskeie jare aangegaan. Drie honderd vyf-en-twintig jaar, finaal gekom tot—tot Nicea, Frankryk, waar hulle die—die groot Niceense Raad gehad het. En daarin het hulle hierdie dogmas gevorm wat die Katolieke kerk tans het, en wat ook aan die Protestante oorgedra was.

7 En soos ek gesê het in—in die lering vanmôre, elke een van daardie kerk tydperke, op tot daardie—tot daardie Thessalonicense kerk tydperk, die vyftien honderd jaar van donker eeue, was daar nie een keer wat Hy nie gesê het, "Julle het nog My Naam" nie.

8 En aan hierdie ander kant, was hulle nie meer in Christus nie, hulle het gekom in 'n denominasie naam, "Katoliek, Luther, Wesley, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster," so aan.

9 Maar net voor die afsluit van die tydperk, het Hy gesê, "Ek stel voor jou 'n oop deur." Sien? En dis die tydperk wat ons glo waarin ons reg nou is, die oop deur tydperk, tussen die laaste uitgang van die Laodicense kerk.

10 En dis presies drie honderd vyf-en-twintig jaar tot die Laodicense raad. En daarin het hulle hierdie vorms aangeneem soos besprinkeling, water gieting, en vals dopings, vals heilige gees, en al hierdie ander dinge. Hulle het dit aangeneem.

11 En dan toe Luther, as 'n priester, en uitgekom het uit die Katolieke kerk, hierdie dinge daarmee saamgebring het. En daaruit het Zwingli gekom, uit Zwingli het Calvin gekom, uit Calvin het Wesley uitgekom, o, so aan. En hulle hou net aan om hierdie dogmas saam te bring. En hoe kan God Sy Kerk lei, wanneer hulle paaie volg wat Hy nooit eens uitgebring het vir hulle om op gelei te word nie?

12 En onthou, in Openbaring 17, vind ons "die vrou." Nou hierdie woorde is duidelik. Hulle is geskryf in die Bybel, so ek

dink ek kan hulle sê. Dit het gesê hierdie vrou was 'n "hoer." Dit beteken sy was 'n vrou van slegte faam; dat sy veronderstel was om aan 'n man getroud te wees, en het owerspel gepleeg met die wêreld. En sy het 'n . . . Sy was 'n "MOEDER VAN HOERE," daarom het sy dogters gehad. En ons het dit geografies geteken, daarin. Myself, sien dit in die Skrif, sien haar doktrines en alles, ek glo die Here het dit volmaak uitgelê, dat dit niks anders kan wees as die Katolieke kerk nie. Dis die enigste manier wat dit kan wees. En waaraan het sy geboorte gegee? Die Protestantse kerke. Presies, sy het.

13 En sy het in haar hand 'n beker van wyn van haar hoerery gehad, en sy het dit aan die konings van die aarde gegee. En sy was die heerser oor die hele aarde, geestelik gesproke. En dis presies reg. Daar's nie 'n ander . . .

14 Kyk, laat ons, ons kan teruggaan na Daniël en die beeld kry. Kyk na die beeld: die hoof van goud, die Babiloniese koninkryk; brons . . . of silwer, Meders en Perse; brons, Alexander die Grote, en so voorts, the Griekse koninkryk; dan die Romynse ryke, Oostelike en Westelike Rome, die twee voete.

15 En let op in hierdie tien koninkryke, wat presies met daardie tien horings kom waarvan ons gepraat het vanmôre, in elkeen van daardie tien koninkryke wat sou verrys, was daar yster en klei saam gemeng. En daardie yster kom van die bene, wat Rome was. En daar's 'n streek van Roomsheid gemeng in elke nasie wat onder die Hemel is, deur die Katolieke kerk. Dis presies reg. En hulle wou nie meng nie, nêrens nie.

16 En hulle sou introu, onder mekaar. Die Bybel het gesê hulle sou. En kyk na hulle vandag. Jou seun gaan uit met 'n Katolieke meisie; wanneer hulle gaan om te trou, moet hulle beloof om hulle kinders Katoliek groot te maak; sien, en andersom. Sien, dis om die krag van die ander te breek.

17 Maar wat is dit? Die Bybel beweer die hele ding is 'n prostituut. Nou wat gaan jy doen? Dis reg. En hoe die sondes van die mense besoek gaan word . . . Ons het teruggegaan in Deuteronómium, om te wys dat 'n buite-egtelike kind, onegte kind, kon nie eens die gemeente van die Here ingaan vir veertien geslagte nie. Dit was onder die wet. En Christus het gekom om die wet te vervul. Hoeveel te meer is dit nou?

18 En wat gebeur met hierdie, wat is verkeerd met hierdie klein losbolle ["flappers"—Vertaler] op die straat vandag, hierdie sigaret-suigende vrouens, en kortbroek draende, versnipperde hare losbolle, en so voorts? Wat's verkeerd met dit? Dis omdat hulle mamma so opgetree het. Dit het besoek, die ongeregtigheid, van een geslag tot die ander. En dis wat dit is. En wat het ons? Ons het op 'n plek gekom, totdat dit die opeenhoping van niks anders as morsige sonde is nie.

19 Dis die rede waarom God Rusland opgerig het, anderkant, met 'n atoombom om haar weg te vee, soos die watervloed was, toe Hy die wolke opgerig het. Seker, Hy het. En die Bybel sê so. Rusland, die ateïstiese land soos wat hulle is, ateïsties, het absoluut net presies in die hande van Almagtige God gespeel. Net soos Koning Nebukadnésar Israel moes vernietig het omdat hulle gefaal het om met God te wandel, Rusland is besig om te verrys om "die heiliges te wreek," van die Katolieke kerk, van die bloed wat sy van die heiliges gestort het. Die Bybel het so gesê. Dit gaan die hele ding neem.

20 So kyk hier, as hulle moeder 'n koorsangeres was, en hulle ouma, en haar moeder was 'n losbol, wat is sy vandag? 'n Ruk-en-rol ontklee danseres. Wat gaan haar kinders wees?

En julle sê, "Doen God dit?" Ja, meneer.

21 God besoek die ongeregtigheid van die kinders, die geslag, selfs tot veertien geslagte. En as Christus kom om dit te vervul, sou ons sê, "'n Honderd geslagte, of vyfhonderd geslagte." Wel, het Hy gesê, "Daardie oues van dae, julle het hulle gehoor sê, hulle van die ou tyd, 'Jy mag nie doodslaan nie.' Ek sê vir julle, wie ookal vir sy broeder kwaad is, sonder rede, het alreeds doodgeslaan. Julle het hulle gehoor sê, hulle van die ou tyd, 'Jy mag nie egbreek nie.' Maar Ek sê vir julle, wie na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds egbreuk gepleeg." Hy het dit gemaak . . . Wat is vervul? Maak dit veel kere groter. En as dit onder die wet veertien geslagte was, hoe lank sal dit vir dieselfde ding vandag neem?

22 En jong manne, en middeljarige manne, en getroude manne het geen respek meer vir hulle troubeloftes nie. Wat, hulle neem sommer net vrouens en leef enige plek met hulle, en net soos goedkoop honde. 'n Hond het meer respek en beter sedes as wat sommige mense het. En ek weet dit is baie sterk, maar dis so.

23 Waarom? En die kerke gaan reg daarmee saam en sê niks daaromtrent nie. Waarom? Hulle handel net soos hulle mamma. Die kerke het dit ge-erf. Want, die kerk en hierdie Protestantse kerk kom uit die Katolieke kerk, die sondes van die Katolieke kerk is besoek aan die Protestante. Beslis, dit is, so die pot kan nie die ketel verwyt nie. Dis presies waar.

24 Nou vind ons uit, en in die Skrif, het ons uitgevind . . . En ek het nooit 'n nota op die tafel gesien hier vanaand nie. Ek het gesê, wys my een plek waar God ooit 'n denominasie verordineer het. Wys my een plek waar God ooit 'n vroue prediker verordineer het. Wys my een plek waar God ooit besprinkeling verordineer het. Wys my een plek waar God ooit water giet verordineer het. Wys my een plek waar God ooit iemand laat doop het in die naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees." Vind daardie dinge. En nogtans doen ons hulle aanhoudend. Dis net reg af in die kerk. Nou, het ek gesê, "Julle manier . . . "

25 Die rede waarom ons nie Baptis kon wees nie, want ons glo daarin om gedoop te word in die Naam van die Here Jesus Christus. Daar's nie een ooit, in die Bybel, wat enige ander manier gedoop was nie. Wys julle my een plek waar een persoon gedoop was in die naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees," ek sal my hande lig en sê ek is 'n valse profeet.

26 En as die Bybel sê jy moet "gedoop word in die Naam van Jesus Christus," dan bedoel dit jy moet dit so doen. Paulus het hulle beveel om oor gedoop te word. Maak nie saak hoe hulle gedoop was nie, hulle moes kom, weer gedoop word. Hulle was gedoop deur dieselfde man wat Jesus Christus gedoop het; Johannes die Doper. Hy het gesê, "Dit sal nie meer werk nie. Julle sal moet kom, weer gedoop word." En hulle moes dit doen voor hulle die Heilige Gees ontvang het. Dit was God se program.

27 Ek mag net 'n bietjie dieper gaan as dit, vanaand. Waarom? Jesus hou Sy Woord. Glo julle dit? Nou, feitlik almal van julle was hier vanoggend, maar ek wil 'n bietjie meer daarop ingaan.

28 Waarom sou Paulus afvaardig, dit beveel nadat dit gedoen was? Paulus het gesê, "Selfs as 'n Engel van die Hemel kom en enigiets anders preek, laat hom in vervloeking wees."

29 Nou sê julle, "Ons het nuwe Lig daarop." Nee, julle het nie. Dis waarmee die duiwel na Eva toe gekom het, 'n nuwe Lig. Het geen nuwe Lig nodig nie. Julle het nodig om te wandel in die Lig wat God alreeds hier geplaas het, dis al.

30 Nou let op hierna, net hoe eenvoudig. Toe hulle afgekom het van die Berg van Verheerliking, het Jesus gesê, aan Sy dissipels, "Wie sê die mense dat Ek die Seun van die mens is?"

"Een het gesê U is 'Moses, of Elia, een van die profete.'"

Hy het gesê, "Wie sê julle?"

31 Hy het gesê, Petrus het gesê, "U is Christus, die Seun van die lewende God."

32 Hy het gesê, "Geseënd is jy, Simon, die seun van Jona; want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie." Sien, dit kom nie deur kweekskole nie. Dit kom nie deur denominasies nie. "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie. Jy het dit nooit deur enige skool van teologie geleer nie. Maar my Vader, wat in die Hemel is, het dit aan jou geopenbaar. En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou; en die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie," 'n geestelike openbaring van Wie Hy is.

33 Let op, "En Ek sê dat jy Petrus is. En Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk gee. En wat jy ookal op die aarde bind, dit sal Ek bind in die Hemel; en wat jy ookal op die aarde ontbind, dit sal Ek in die Hemel ontbind." Nou, Hy móés Sy Woord gehou het of Hy was nie God nie. Nou, en toe Hy dit

gedoen het, 'n paar dae later; was Hy gekruisig, het opgestaan, opgevaar na die Hemel, en Petrus het die Evangelie oopgemaak op die Dag van Pinkster. Het hy dit gedoen? Hy, beslis, hy het. Nou let op, toe hy sou . . .

34 Hulle het almal gespot met hulle, omdat hulle gevul was met die Gees. Hulle was genoem "ketters, 'holy-rollers'," of 'n soort van 'n naam soos daardie. En hulle het selfs gelag, en gesê, "Hulle is vol nuwe wyn."

35 En Petrus het te midde van hulle opgestaan, sy stem verhef, en hy het gesê, "Manne en broeders, luister na my stem. Hoor my woorde en luister na my. Hierdie mense is nie dronk soos julle dink hulle is nie; dit is nog maar die derde uur van die dag. Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is, 'En dit sal vervul word in die laaste dae, dat Ek van My Gees sal uitstort,' en wat Hy sal doen op Sy seuns, en Sy dogters, en Sy diensmaagde, en so voorts, in dié dag."

36 En toe hulle dit begin hoor het, was hulle in hulle hart getref. Want, hulle het 'n man gehoor wat nie sy ABC's ken nie, tog moes hulle notisie neem van hom, geweet hy het iets binne-in hom gehad, wat hom brandende gehad het, die Heilge Gees. Hom stop? Wat, dit sal wees soos om te probeer om 'n vuur te blus, op 'n droë gebou, op 'n winderige dag. Jy kon dit nie doen nie. Hy was gevul met die Heilige Gees. En wat het hy nou gedoen?

37 Hulle het gesê, "Wel, manne en broeders, wat kan ons doen om gered te word?"

38 Nou let op, Petrus, jy het die sleutels tot die koninkryk. Sien?

39 Nou, toe Jesus op die derde dag opgestaan het, het Hy nie die sleutels tot die koninkryk van die Hemel gehad nie. Het julle dit geweet? Hy het gesê, "Ek het die sleutels tot die dood en die hel," maar nie tot die koninkryk nie, want hulle was aan Petrus gegee.

40 Nou Hy het gesê, "Petrus, wat jy ookal ontbind op die aarde, dit sal Ek ontbind in die Hemel. Wat jy bind op aarde, dit sal Ek bind in die Hemel."

41 Nou hier staan hy met die sleutels, om hierdie geseënde ding aan die wêreld oop te maak. En hier het hy die sleutels in sy hand. En hulle vra, "Wat kan ons doen om gered te word?" Nou, maak nie saak wat die apostel gesê het om te doen nie, God moet dit herken in die Hemel, as Hy hom daardie outoriteit gegee het.

42 Nou Petrus het gesê, "Bekeer, elke een van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sál die gawe van die Heilige Gees ontvang." Is dit so? En dis die rede waarom die sleutels in die

Hemel gedraai het vir enige ander naam, enige ander manier, enige ander—enige ander vorm. Dit het op die aarde gedraai, en dit het in die Hemel gedraai, of Jesus het nie Sy Woord gehou aan Petrus nie. En elke plek in die Bybel waar hulle gedoop was, daarná, was hulle gedoop in die Naam van Jesus Christus. En hulle wie voor dit gedoop was, moes kom en weer oor gedoop word, in die Naam van Jesus Christus, om die Heilige Gees te kry. Dis die korrekte. Dit is steeds dieselfde.

43 So, as ons doping leer in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees," is dit vals profesie. Nou, ek wil julle nie seermaak nie, maar ek moet hierdie vaspen sodat hierdie kerk sal weet wat. Ons is nie hier as 'n spul van ongeletterde malkoppe nie; ons weet waar ons staan in die Woord van God. Sien, ons weet, ek daag enigiemand uit om my een plek te wys waar enigiemand ooit gedoop was in die Naam van "Vader, Seun, Heilige Gees." Gaan julle nou luister na vals profesie of die Waarheid? Ondersoek die Skrifte. Dis vir julle om te besluit.

44 Wys my waar een persoon in die Bybel, waar 'n kerk ooit 'n denominasie verorden was in die—in die Bybel. Wys my in die Bybel waar hulle ooit 'n vroue prediker verorden het. Wys my in die Bybel waar al hierdie dinge, waaroor ons gepraat het, ooit verorden was in die Bybel. Hulle is nie daar nie. Vertel my een plek. Gaan jy na 'n denominasie . . .

45 Wel, toe die Metodiste begin het, het hulle heiligmaking gepreek. Dis goed. Maar, toe hulle dit gedoen het, het hulle 'n denominasie gemaak, en dit het dit geskik. Dis die rede dat die Bybel gesê het, "Jy het 'n naam."

Jy sê, "Ek is 'n Christen."

"Wel, aan watter denominasie behoort jy?"

46 Jy sê, "'n Metodis," wel, jy is dan 'n prostituut. "Ek's 'n Baptis," prostituut. "Pinkster," jy's 'n prostituut. Jy behoort aan daardie kerk.

47 Jy behoort te behoort aan Christus. Het geen besigheid om te sê, "Metodis," "Baptis" nie. As jy 'n Christen is, is jy 'n Christen van hart.

48 Elke een van daardie denominasies kan kinders voortbring, kinders van God, dis reg. Maar wanneer jy dink jy gaan Hemel toe net omdat jy 'n Metodis of Baptis is, is jy verkeerd. En dis die rede waarom ons uit daardie ding gebly het.

Waarom kan die Baptiste nie sien nie?

49 Ek het 'n Metodiste man hier gevra, 'n tesis geskryf het, net lank gelede geskryf. Hy het gesê, "Die enigste ding wat ons teen jou het, jy hang om die Pinkstermense."

Ek het gesê, "Wie is 'ons'?"

"Ons, Metodiste."

50 Ek het gesê, "Wel, ek sal jou sê wat ek sal doen. Ek sal na julle stad toe kom en jy kan die Metodiste dit laat borg."

"O," gesê, "natuurlik, ons kan dit nie doen nie."

51 Ek het gesê, "Dis—dis wat ek gedink het. Ek bly by die Pinkstermense want die Pinkstermense glo dit. Dis reg. Hulle trek saam om dit. Hulle is diegene wat die voordele daarvan trek."

52 Hoeveel het daardie artikel gelees in *Life* tydskrif, nou onlangs, omtrent die Pinkster kerk? Dis een van die grootste verskynsels in hierdie tydperk. Hulle het meer bekeerlinge in een jaar as al die res van die kerke saam. Waarom? Selfs in hulle foute, beweeg God hulle aan, want hulle het die Waarheid geglo en marsjeer aan daarmee. Dis die Waarheid.

53 Maar wat doen ons nou? Sien? Dis die rede waarom ons nie 'n denominasie is nie. En net so seker as Pinkster denomineer . . .

54 En toe daardie tyd, toe die Heilige Gees die eerste keer uitgestort het op die Pinkster kerk, veertig jaar gelede, en hulle begin praat het in tale, een van die gawes. Dis die kleinste van die gawes. Dis die minste van die gawes, volgens Paulus, is spreking in tale. En die oomblik toe dit geval het, "O," het hulle gesê, "ons het Dit nou," en hulle het 'n denominasie gemaak, die Algemene Raad, wat nou die Gemeentes van God ["Assemblies of God"—Vertaler] is. "O, niemand het Dit as jy nie in tale spreek nie," en God het net verder aanbeweeg weg van hulle af, en hulle daar laat sit. Beslis. Ja, meneer.

55 Hier kom die Eenheid ["Oneness"—Vertaler], en vind die doop in Jesus se Naam uit. Hulle het gesê, "O, ons het Dit," hulle het georganiseer. Wat het hulle gedoen? God het net uitbeweeg en hulle daar laat bly sit.

Dis vir, "Wie ookal wil, laat hom kom."

56 Sien, die Eenheid kan nie na die Gemeentes toe gaan nie. Die Gemeentes kan nie na die Eenheid toe gaan nie. Ek het gepraat met sommige van die beste manne wat hulle het, Mnr. Goss, en Dr. Pope, en baie. Die manne wat groot manne is in die . . . Ek het gaan sit met hulle. Ek het gesê, "Hoe kan julle daardie aanvanklike bewys leer, as 'n geleerde?"

57 "Wel," gesê, "Broer Branham," een, twee of drie van hulle, was werklik eerlik, gesê, "ons weet dis verkeerd, maar wat kan ons doen? As ons enige iets omtrent dit nóu sê, wel, dit sal die hele program omver gooi." Beslis, en jy sal nie meer die biskop wees nie, die algemene opsiener. Dis die idee.

58 Broer, ek sal eerder vir my 'n klein sending op die hoek hê, of preek onder 'n denneboom, en die Waarheid hê, beslis, en

weet dat jy die Waarheid vertel. Mens wil die Waarheid hê. En jy is verplig, as ’n Christen, om die rekord van Waarheid voort te dra. God gaan jou verantwoordelik hou daarvoor.

59 Dan, op hierdie dinge, as jy nie gedoop was in die Naam van Jesus Christus nie, en jy het nie hierdie dinge gedoen nie, en jy het nie die Heilige Gees ontvang nie . . .

60 Jy sê, “O, ek het gespreek met tale.” Dit meen nie jy het die Heilige Gees nie.

61 Ek het hekse gesien, towenaars, bose geeste, en allerhande ander dinge, wat in tale spreek. Sekerlik. Hulle het geen Heilige Gees nie, en julle weet dit. Drink bloed uit ’n menslike kopbeen, en dans, en roep die duiwel, en spreek in tale. Sekerlik. Hulle het nie die Heilige Gees nie.

62 So, omdat jy met tale gespreek het, meen dit nie jy het Dit nie. Die enigste manier waarop jy weet jy het Dit, wanneer jou gees saamstem met Sy Gees, en die vrugte van die Gees volg jou: liefde, geloof, vreugde, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, saggeaardheid. Dis wanneer jy weet jy het die Heilige Gees. Dit stem saam met Ditself.

63 Nou, wanneer jy probeer berus op, omdat jy aan die Gemeentes behoort, of aan die Baptiste, of aan die Presbiteriane, sien jy wat jy doen? Jy neem die naam van ’n prostituut aan. Dis presies reg. Kom uit daardie ding uit. Kom weg daarvan af. Ek bedoel nie uit jou kerk of enigiets nie; doen jy wat jy wil daaromtrent. Maar kom weg van rus op, “O, ek is ’n Presbiteriaan. Ons glo nie in die dae van wonderwerke nie.” Waarom glo jy dit nie? Die Bybel leer dit. “O, ek behoort aan die kerk van Christus. Hulle sê die dae van wonderwerke is verby.” Hulle is valse profete.

64 Ek kan jou wys waar Jesus Christus die Krag aan die Kerk gegee het, om die siekes te genees, en die dooies op te wek, en duiwels uit te dryf. Ek daag enige man uit om my ’n Skrif in die Bybel te wys waar Hy dit weggeneem het van die Kerk. Wat het dit weggeneem? Julle eie dogma, reg, nie God se Woord nie. Die Heilige Gees kry nog steeds die werk gedoen, gaan nog net dieselfde aan, en Hy sal vir altyd.

65 Dis die rede dat ons nie ’n denominasie is nie, “Het ’n vorm van godsaligheid, en verloën die Krag daarvan; draai weg van diesulkes.” Ons glo nie in daardie goed nie.

66 Nou, hoe het dit ooit begin? Ons sal moet haas en by dit kom net so gou as moontlik nou, hoe dit ooit begin het. Nou ons het heelwat Skrifte hier uitgeskryf omtrent die Heilige Gees.

67 En nog ’n ding, ons het ’n uitdaging gemaak gisteraand, op “die deursettingsvermoë van die heiliges,” nie op die manier wat die Baptiste dit glo nie. Nee, meneer. Ek verskil beslis met

die Baptiste en hulle idee, van hulle teorie van Calvinisme. Ek stem beslis nie saam met die Presbiteriane nie. Ek stem nie saam met die Metodiste op hulle manier van Armeense doktrine nie. Ja, meneer. Maar hulle het albei 'n waarheid, maar jy moet dit terugbring *Hier* waar dit die Waarheid is. Wanneer jy daar uithardloop, hardloop jy wild daarmee. Beslis.

68 Baptiste kom in, doop 'n paartjie hier, in onderdompeling; en die prediker doop hulle, nege uit tien rook sigarette, gaan uit en staan daarbuite, en speel kaarte, speel heel aand, hardloop rond, en skelm besigheidstransaksies; en alle vrouens dra kortbroeke daarbuite, loop rond in die strate, en sny hulle hare, en—en rook en praat, en klein stik en naaldwerk partytjies, en vertel vuil grappe. En julle noem dit Christendom? En julle dink julle het Ewige sekuriteit? Julle gaan Hel toe so. Julle sal julleself nie geniet in die Hemel in elk geval nie. Beslis nie. Dis nie Ewige sekuriteit nie.

Maar wanneer 'n man wedergebore is deur die Heilige Gees . . .

69 En julle Pinkster, omdat julle op-en-af gespring het, in tale gespreek het, op-en-af in die paadjie gehardloop het, dit meen nie julle het Ewige sekuriteit nie. Moet julle dít nooit in julle kop kry nie. Nee, meneer. Dit doen dit beslis nie. Want, julle weet dat julle eie—julle eie lewe getuig van jou, gee rekord, dat jy nie reg is met God nie. Dis reg. Jy is nie reg nie. Dis nie Ewige sekuriteit nie, nog nie.

70 Maar ek wil julle iets vra. Is daar 'n Ewige sekuriteit? Die Bybel sê so. Die Bybel sê dat ons name op die Lam se Boek van Lewe geskryf was voordat die wêreld ooit begin het.

71 Soos ek vanmôre gesê het, sê ek dit weer. Die man wat die lied geskryf het, "Daar was 'n nuwe naam neergeskryf in Heerlikheid vanaand, en dis myne," sy idee was goed, maar hy was verkeerd, Skriftuurlik. Jou naam was nie opgesit die aand toe jy gered geword het nie.

72 Jou naam, volgens die Bybel, volgens Openbaring 13, 17, en so voorts, "was daarop geplaas voordat die wêreld ooit begin het; en Jesus Christus was geslag voor die grondlegging van die wêreld."

73 Hoe kon God, Wie oneindig is; hoe kon 'n oneindige God, wat die end van die begin af ken, hoe kon Hy ooit sonde toegelaat het om op die wêreld te kom, as dit nie vir 'n rede was nie?

74 Net om nou 'n paar dinge te staaf wat ons gesê het. Wat was eerste, die Verlosser of 'n sondaar? [Iemand in die gemeente sê, "Verlosser."—Red.] Verlosser, seker. Watter is kragtiger, 'n Verlosser of sondaar? As 'n Verlosser die sonde kan wegneem, is Hy kragtiger. Wel, waarom het Hy sonde laat

gebeur in die eerste plek? Om te wys dat Hy 'n Verlosser was. Watter is kragtiger, 'n heler of 'n siekte? ["'n Heler."] 'n Heler. Waarom dan het Hy siekte laat kom? Om te wys dat Hy 'n heler was. Ek voel godsdienstig reg nou. Ja, meneer. O, my! Dis Sy hoedanighede.

75 Dis waarom Hy moeilikheid laat kom. Dis waarom Hy verdriet laat kom, om te wys Hy is vreugde. Seker, dit is. Dis waarom ons 'n nag het, om te bewys daar is 'n dag. Dis waarom ons humeur het, om te wys daar is vrede. Seker, dis vír en teen. O, Hy is wonderlik.

76 Nou, hoe het dit begin? Ons sal nou daarby kom, net so gou as ons kan, sodat ek julle nie die heel aand sal hou nie. Nou, daar moet 'n begin van alle dinge wees.

77 En ek wil julle iets vra. Nou dit mag . . . Julle kan dit net in julle agtersak bêre. Julle hoef dit nie by die gewone dis te plaas nie. Maar luister hierna.

78 As julle 'n Ewige skepsel is, dan het julle nooit 'n begin gehad nie, of kan nooit 'n einde hê nie. Want, *Ewig* kom van die woord "wat geen begin of geen einde gehad het nie."

79 Onthou julle dit nie? Ek het gesê, vanmôre, dat hoedat Melgisédek, toe hy Abraham ontmoet het toe hy van die slagting van die konings af gekom het. En die Bybel het gesê, in Hebreërs 7, dat—dat, "Levi het tiendes betaal aan Melgisédek, toe hy in die lendene van sy vader Abraham was." Abraham het Isak gehad; Isak het Jakob gehad; Jakob het Levi gehad. Dit was vader, oupa, en groot-oupa. En terwyl Levi in die lendene van sy groot-oupa was, het die Bybel hom krediet gegee vir betaling van tiendes aan Melgisédek. Praat van Ewig! My, my! Hy het nooit gesê, "Hy het dit gedoen in die skaduwee; hy het dit potensieel gedoen nie." Die Bybel het gesê, "Hy het tiendes betaal." Amen.

80 Dan, as ons deur die regte saad kom, toe Paulus die Evangelie gepreek het was ek daar en was julle daar. Ons gaan ingaan daarop, net in 'n minuut, reg tot by ons ore. Let op, dis wat die Skrifte beweer, aan ons, het selfs ver terug gegaan.

81 Dink net! Levi; dan Jakob, sy vader; dan Isak, sy vader; dan Abraham, sy vader; sy groot-oupa. Toe Levi in die lendene van sy groot-oupa was, het hy tiendes betaal aan Melgisédek.

82 Ek wil julle vra. Wie is hierdie, Job 27 . . . ag'-en-dertig, toe Hy gesê het, "Waar was jy toe Ek die fondasies van die aarde gelê het? Toe die môresterre saamgesing het, en die seuns van God gejubel het van vreugde?" Wie was daardie seuns van God wat gejubel het van vreugde? Toe Jesus hulle vertel het, dat, "Ek het vreugde met julle gehad voor die grondlegging van die aarde." Ons is nie skepsels van tyd nie. Ons is skepsels van Ewigheid.

83 "Geen mens kan na My toe kom behalwe as My Vader hom trek nie. En almal wat na My toe kom, hulle sal Ek die Ewige Lewe gee, en hom opwek in die laaste dae. Niemand kan hulle uit My Vader se hand pluk nie, Wie hulle aan My gegee het." Hoe gaan jy verloor?

84 Sien, jy's bevrees. Jy's bang. Jy sal hier rondhardloop. En dis een van die beste bewyse, in die wêreld, dat jy nog nêrens was nie. Dis reg. Hoe kan God jou ooit red as Hy . . .

85 Hoeveel in hierdie kerk sal julle hande lig, en glo dat God oneindig is? Weet julle wat die woord *oneindig* beteken? Dis net volmaak. Oneindig, jy kan nie—jy kan nie die woord *oneindig* verduidelik nie.

86 Het julle ooit julle kamera geneem en dit op oneindig gestel? Wel, dit meen net van daaraf verder. Nou goed. Daar's geen manier om dit verder in te fokus nie.

87 Wel, dis wat God is. Hy is oneindig. En as Hy oneindig is, kon daar nie 'n kewer wees, nie 'n vlieg, nie 'n vlooi, nie 'n luis, nie 'n sandvlooi, of niks wat ooit op die aarde was, of ooit sal wees, wat God dit nie voor die grondlegging van die wêreld geken het voordat die wêreld ooit gevorm was nie. Daar is 'n soort van 'n konsepsie van oneindig.

88 Wel, dan, 'n oneindige God Wie jou hier red, wetende dat Hy jou volgende week gaan verloor, of volgende maand, of volgende jaar, wel, Hy verydel die hele doel. Hy kán jou nie verloor nie. "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigedurende Lewe en sal nóóit in die Oordeel kom nie, maar het reeds oorgegaan van die dood in die Lewe." Kan dit nie doen nie. Jy sou niks meer . . .

89 "Hy wat uit God gebore is pleeg nie sonde nie; want die saad van God bly in hom, en hy kan nie sondig nie." Hoe kan hy sondig wanneer daar 'n sonde-offer is vir hom?

90 Hoe kan ek siek wees wanneer ek in volmaakte gesondheid is? Hoe kan ek blind wees wanneer ek kan sien? O, my! Hoe kan ek in die gebou en buite die gebou wees op dieselfde tyd? Hoe kan ek dronk en sober wees op dieselfde tyd? Jy kan dit nie doen nie.

91 En wanneer jy gered is, is jy onder die Versoening, en jou sondes word jou nie toegereken nie. Het Dawid nie gesê, "Geseënd is die man wie God die sonde nie reken nie, en sonde nie aan toereken nie"? God hou nie die sonde teen Sy skepsel nie. Dis sterk. Dit is nie afgeroomde melk nie. Maar dis die Bybel. God sal nie sonde toereken aan die regverdige nie.

92 "God," deur Sy genade, deur voorbestemming, "onwillig dat enigeen sou vergaan, maar dat almal mag kom tot bekering." Maar deur oneindig te wees, en geweet het wie sou kom en wie nie sou kom nie, kon Hy alles voorbestem om te

werk volgens Sy wil. As Hy dit nie gedoen het nie, waarom het Hy sonde in die eerste plek toegelaat? Toe Hy 'n Verlosser was. . . As daar nooit 'n sondaar was nie, sou Hy nooit 'n Verlosser gewees het nie; die hoedanigheid, wat in Hom was, kon nie uitgetrek word nie.

93 Hoe het Hy ooit 'n heler geword? Hoe het Hy ooit 'n heler geword? Omdat Hy toegelaat het vir siekte om te kom, sodat Hy Homself as 'n heler mag vertoon. Hy was 'n heler. Hoe sou jy ooit wees. . . Hoe sou Hy ooit geken wees? Hoe kon Sy hoedanigheid ooit werk? Hoe kon Hy ooit 'n heler wees, as daar nooit siekte was nie? Hy moes siekte toelaat.

94 Geen wonder, Paulus het gesê, in Romeine 8. "Dwase mens, wie kan vir die—die pottebakker sê wat om daaromtrent te doen; wie, toe die klei opgestaan het en gesê het, 'waarom maak, jy, my so?' Het Hy nie Farao opgerig vir dieselfde doel nie, dat Hy Sy heerlikheid onder in Egipte kon vertoon nie? Hy verhard wie Hy wil, en regverdig wie Hy wil. Dis nie hy wat wil nie, of hy wat hardloop nie, maar dis God wat genade betoon."

95 So, jy het niks daarmee te doen gehad nie. Jy het nie een ding om te doen nie. As dit genade is, as dit 'n vry gawe is, is daar nie 'n ding wat jy kan doen daaromtrent nie. God het dit vir jou gegee, en dis die wil van God. Dis die ding wat God aan jou voorbestem het.

96 Die Bybel sê dat ons "uitverkies was tot die seuns van aanneming, die seuns van God, voor die grondlegging van die aarde." Dan, toe God die Lam geslag het, in Sy Eie denke, voor die grondlegging van die wêreld, om sy hoedanighede te bewys, wat Hy was. Toe die Lam geslag was, was ons met Dit geslag. Toe die Bloed van die Lam in Sy Eie gedagte gevang was, terug daar voor die grondlegging van die wêreld, was my en jou name tóé op die Boek geskryf, alles in Sy groot denke.

97 Hy is oneindig. As Hy nie het nie, waarom het Hy dit toegelaat? Wat is die sterkste, het ek gesê, 'n Verlosser of 'n sondaar? Watter een het die meeste krag? Dan, die sterker moes die swakker toelaat, en Hy doen dit alleenlik vir Sy heerlikheid. Toe Hy Lucifer gemaak het, het Hy geweet hy sou die duiwel wees. Hy moes dit daar laat wees om te wys dat Hy die Verlosser was, die Christus. Hy moes dit so laat gebeur het.

98 Nou, sê die Bybel nie, dat, "Alle dinge werk ten goede mee vir hulle wie God liefhet" nie? [Gemeente, "Amen."—Red.] So waarvoor is julle bang?

Laat ons op wees en doen,
Met 'n hart vir enige stryd.
Wees nie soos dom aangejaagde beeste,
wat gesoebat en oortuig moet word nie!
En wees 'n held!

99 Ek hou daarvan. Staan op! 'n Klein gediggie wat my altyd so baie gehelp het toe ek 'n kind was, gaan so iets soos hierdie.

Daar was 'n edel Romein,
In die Romeinse Keiser se dae;
Wie 'n lafaard kwaker gehoor,
Voor die kasteel sê:
"O, dis veilig in so 'n denneboom,
Daar's nie een wat dit kan skud nie."
"O, nee," het die held gesê,
"Ek sal 'n weg vind of dit maak."

100 Daar het jy dit. Dis reg. As hierdie Bybel leer dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. . . Dit was nie 'n maklike ding toe ek daardie dag uit hierdie Tabernakel gestap het nie, en almal my vertel het dat *dit* sou gebeur, en *dat* sou gebeur nie. "Jy sal as 'n fanatikus aanskou word, in die tronk gegooi word, en die hele mediese assosiasie sal teen jou gaan." Maar God het gesê doen dit. Die Bybel het gesê Hy was. En nou brand 'n herlewingsvuur in elke nasie onder die Hemel. Waarom? Staan op daarvoor!

Hoe pak jy jou werk aan elke dag?
Is jy bang vir die werk wat jy vind?
Kan jy opstaan vir die werk voor jou?
Het jy 'n moeë en leë gedagte?
(Ek haat daardie dinge.)
Of staan jy reg op vir die werk voor jou,
Of beweeg vrees ooit daardeur?
As dit so is, pak die volgende aan wat jy vind,
Deur te dink dat jy dit gaan doen.

101 Bly by dit. Sekerlik. Neem voor in jou hart, soos Daniël. Bly met God.

102 "Waar het al hierdie gebeur? Hoe het dit plaasgevind? Wat maak mense so? Waarom is ons net omtrent gereed om vernietig te word? Broer Branham, verduidelik aan my. Wat maak jou dink dat hierdie hele ding weggevee moet word?" Dit was weggevee eenmaal vantevore, (is dit so?) in die sondvloed vernietiging. Nou hier kom 'n paar diep dinge. En ons sal gereed maak om te lees.

103 Nou wil ek hê julle moet saam met my blaai nou, oor tot in die Boek van Genesis, by die 3de hoofstuk. As julle enigiets wil weet, kan ek julle in hierdie Boek van Genesis wys waar elke kultus en elke "ism", en alles wat ons vandag het, in Genesis begin het. Hoeveel weet dat *Genesis* meen "die begin"? Sekerlik.

104 Ons vind die Katolieke kerk in die begin, Babilon, Nimrod die stigter; ons vind dit in die middel van die Bybel, ons vind dit die end van die Bybel; ons vind, probeer om vroue predikers in te bring, in die begin van die Bybel, deur aanbidding van

klein standbeeldjies gemaak van wortels. Hoeveel het ooit Hislop se, *Twee Babilons* gelees, die geskiedenis? Nou goed. Vind uit, in hierdie geskiedenisse. Hulle het 'n vrou gehad. . . En dan onthou julle, selfs Jakob het sy vader se gode gesteel, en sy dogter het hulle onder haar weggesteek en hulle uitgeneem in die wildernis, wat die kamp besoedel het, later aan. Nou goed.

105 Laat ons nou hier in Genesis lees.

> *Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?*
>
> *. . . die vrou sê vir die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom. . .*
>
> *wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal* julle *sterwe.*
>
> *Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;*
>
> *maar God weet dat* as julle *daarvan eet, julle oë sal oopgaan,* (sien, jag nuwe Lig), *sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.*

106 Sien hoe hierdie ouens is vandag, probeer om van die Bybel weg te neem? "Wel, is dit nie net so maklik om te giet, of besprinkel, of *hierdie* manier, of *daardie* manier nie?" Nee, meneer. God het 'n program neergelê, en dis wat ons verondersel is om te volg, *Hierdie* [Broer Branham dui sy Bybel aan—Red.]

> *Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat* maak. . . *kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy* vrugte *en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.*
>
> *Toe gaan albei se oë oop, en hulle word gewaar. . . dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir* hulle *skorte gemaak.*

107 Ek sal graag hier wil stop vir 'n minuut. Nou, daar moet 'n begin wees van elke ding. Julle het 'n begin gehad. Nou ons. . . Hier is waar ek die hele ding op wil baseer, nou, ons het daaroor gepraat in hierdie laaste twee dienste, en tot hier.

108 Nou, vanmôre het ons teruggegaan en gedramatiseer, in die Bybel, dat toe God die aarde gemaak het, dat toe Hy die gasse gevorm het; en toe het daardie gasse kalsium geword, en potas, en—en verskillende dinge. Hy was besig om jou liggaam te maak. Hy het die gebou uitgelê, soos 'n groot meester bouer,

soos 'n kontrakteur wat sy materiaal uitlê om 'n behuisingsprojek te bou. Hy het jou liggaam gemaak, en Hy het dit daar uitgelê gehad. Hy het net presies geweet, in Sy gedagte, wat gedoen gaan word.

109 *Hierdie* hand, God het daardie hand gemaak voordat Hy . . . terwyl Hy die wêreld gemaak het; maar, my gees het Hy gemaak voordat daar 'n wêreld was. Nou, maar hierdie hand en hierdie liggaam, het Hy gemaak toe Hy die wêreld gemaak het, want hierdie liggaam het uit die aarde gekom, en gaan terug na die aarde toe. God het dit gemaak. Hy het dit alles uitgelê in Sy groot oorspronklike bouplan en Sy program.

110 Nou, toe Hy gegaan het om die aarde te maak, het Hy die man gemaak, en die man het net nie presies reg gelyk nie. Nou ons het dit gehad, vanoggend, het deur die drama gegaan, hoe dat die—die Vader afgekom het en gekyk het na Sy seun, gemaak in Sy beeld, en so voorts. Toe het Hy vir hom 'n vrou gemaak, 'n hulpmaat.

111 Nou, onthou, dat, almal van die skepsels van die aarde, het Adam 'n naam gegee.

112 Hy het die—die beeste gemaak, en die diere, en alles. En vandag, ons . . . Kronoloë en—en verskillende groot verstandelikes van wetenskap, het probeer, vir ses duisend jaar, om daardie vermiste skakel uit te vind, waarom daardie dier . . . Mens is dierelewe. Ons weet dit, dat ons gemaak is . . .

113 En 'n vrou is net deel van 'n man, 'n by-produk. 'n Vrou was nie in die oorspronklike skepping nie. God het reeds klaar geskep, vir jare en jare en jare, totdat Hy die vrou gemaak het uit 'n rib vanuit sy sy. Adam het reeds die hele skepping name gegee, alle ander dinge, maar hy was niks vir homself nie. So, Hy het vir hom 'n hulpmaat gemaak; het die rib van sy sy geneem, die gaping toegemaak, en 'n hulpmaat vir hom gemaak. En mens, in sy gees, was beide man en vrou.

114 En 'n vrou is net 'n deel van 'n man. En wanneer 'n man vir homself 'n vrou neem, en as sy regmatig sy vrou is, 'n God gegewe vrou, sal sy net vir hom wees soos deel van hom.

115 Dis die rede waarom julle so baie botsings in die huwelik het, is omdat jy uitgaan en 'n meisie sien met pragtige bruin oë of blou oë, of soiets soos daardie, en 'n mooi figuur, en jy val vir haar. Eerste keer wat sy haar eerste baba het, daardie tande val uit, en sy word plooierig en oud, en dan wil jy haar uitskop. En sommige van julle vroue vind 'n jong seun met sy hare glad afgekam, en die helfte van sy mamma se varkvet daarop gegooi, en krullerig. En dit sal alles uitval; ek weet dit deur ondervinding. Maar wat gebeur? Wat is dit? Jy val daarvoor.

116 Jy behoort te bid, eers, want 'n vrou is deel van jou. En as jy 'n vrou teen jou bors vasgedruk het, en haar geneem het vir

jou vrou, en jy. . .Sy maak ’n afdruk op jou. Ons sal dit so sê sodat julle sal verstaan. En enige ander vrou teen daardie boesem sal nie in daardie afdruk pas nie. En God sal jou verantwoordelik hou daarvoor. En onthou jy dit net.

117 Jy wat iemand anders se vrou uitneem en. . .Ek het vandag gehoor van ’n klein dogter hier in die dorp, ’n arm klein ding. Ek ken haar. En een of ander dobbelaar wat vir haar groot mooi klere koop, en dinge, en probeer opspeel tot haar op daardie manier. ’n Rot, wat ’n ding soos daardie sou doen, kan nie eens as ’n mens beskou word nie.

118 Julle weet, ’n hond is nie so laag nie, en tog noem julle ’n moeder hond ’n “slet.” Sy het meer sedes as wat die helfte van die vrouens van Jeffersonville het. En julle noem ’n ou moeder vark ’n “sog,” en sy is nie. . .Sy’s heelwat meer sedelik as die vrouens van hierdie Verenigde State, baie van hulle. Dis presies reg. Nou, ek weet dis plat. En ek het julle gesê ek gaan dit vaspen, en ek wil hê julle moet dit weet. En dis waar. Hulle almal, vrouens deesdae, weet nie eens wat sedes is nie. Gesê, “Moenie my gewete seermaak nie.” Wel, jy het geen nie. Let op. Ja, meneer. Wanneer, julle weet wat is reg en verkeerd.

119 Nou let op. Hierdie man, toe hy geskape was, het God sy gees geskei. En Hy het ’n stukkie van die man weggeneem, sy sy, en ’n vrou daaruit gemaak. En toe het Hy die vroulike, fyn gees van die man geneem, en ’n vrou daaruit gemaak. En Hy het die man, manlik, fris gemaak.

120 En wanneer jy ’n—’n—’n man sien wat ’n bietjie. . .julle weet, manikuur, of wat jy dit ookal noem, sy vingernaels; en, julle weet, vier aan die een kant en vyf aan die ander, en—en sy hare glad afkam; en sy mond oophou voor, en sulke goed soos daardie; een van hierdie mooi seuns. Onthou jy net, sus, daar is iets verkeerd met daardie voël. Daar is iets verkeerd. Beter jou oë op hom hou.

121 En wanneer jy ’n vrou sien met ’n sigaret in die kant van haar mond, met ’n oorpak aan, en sê, “Ek sal jou sê, meneertjie, wat dit is!” Broer, hou jy daardie vroumens dop. Daar is iets verkeerd met haar.

122 ’n Vrou, veronderstel om ’n vrou te wees, en sy is veronderstel om aan te trek soos ’n vrou. Toe God ’n man gemaak het, het Hy hom een ding gemaak; en Hy het ’n vrou iets anders gemaak. En wanneer God ’n man beklee, het Hy hom een manier beklee, en die vrou iets anders. En die Bybel het gesê, “Dis ’n gruwel vir ’n vrou om ’n kledingstuk aan te trek wat vir ’n man bedoel is.”

123 En julle vrouens, wat hierdie klein ou broekies aantrek en dinge, en hulle daarbuite dra, klein ou. . .Wat is dit wat julle

hulle noem, kniebroeke? Wat noem hulle dit . . . ? . . . Nee, nee, dis nie kortbroeke nie. Dis dit, het die lang bene daarin. [“Voettrappers.”] Voettrappers, en oorpakke, oorbroeke.

Gaan in, sê, “Hierdie is vir die dames.”

124 Ek het gesê, “Nee, jy is verkeerd. Dames sal nie daardie dinge dra nie. Vrouens mag, maar dames sal nie.” Dis reg.

125 Die Bybel het gesê, “Dis ’n gruwel vir ’n vrou om ’n kledingstuk aan te trek; en vir ’n man om ’n kledingstuk aan te trek wat vir ’n vrou bedoel was.”

126 En mans word al hoe meer meisieagtig, elke dag, en vrouens word meer manlik. Wat is verkeerd? Ons gaan uitvind in ’n paar minute, deur die Bybel. Vrouens is nie meer vrouens nie. Ek bedoel nie julle Christenvroue nie. Ek praat van die algemene groep. Hulle wil handel soos mans; wil hulle hare sny soos mans; sit hulle hande op ’n kroeg, soos *dié*, en sing *God seën Amerika*, met ’n sigaret uit die hoek van hulle mond.

127 Gaan die straat af, agteruit soos dié, en reg in die hoofweg. Ons het getel . . . Ek wil julle iets vertel. En julle vroue bestuurders, luister. Billy Paul en ek, op hierdie laaste veldtog rondom die land, ses maande, het ek ’n opgawe gemaak van hoeveel botsings op die pad. En uit drie honderd ongelukke, op die pad, raai hoeveel van hulle was vroue bestuurders? Al wat kort was . . . Negentien van hulle was mans. En twee honderd en tagtig of, dink ek was dit, twee honderd een-en-tagtig dan sou vroue bestuurders wees. Vroue bestuurders! Nou, ek sê nie daar is nie goeie vroue bestuurders nie. Maar sy sal enige kant toe draai.

128 En probeer jy net om haar terug te kry? Laat haar soort van mooi lyk, daar staan, stoot haar hare op wanneer ’n verkeersman aankom. “Wel,” sou hy sê, “beslis, jý is verkeerd!” Ons het geen wet nie.

129 Hulle het dit bewys nou die dag in ’n belasting saak waardeur ek net gekom het. Ons het geen wette nie. As daar is . . .

130 Geen wonder daardie groot here van Engeland het gesê nie, “’n Demokrasie was vol seile en geen anker nie.” En dis reg, staan op ’n seepkis, stemwerwing. Die demokrasie is verrot, en so is diktators en al die res daarvan. Die hele ding is verrot. Daar is niks behalwe een ding vir God om te doen nie, is om die hele ding te vernietig, soos Hy gesê het Hy sou doen, en weer nuut begin. Nou let op hoe naby ons is aan die Koms.

131 Nou toe hierdie vrou . . . Hy het vir hom ’n hulpmaat gemaak, en sy moes sy hulpmaat wees. En dan . . .

132 Nou, hier, ek het nog nooit ’n prediker gehad om hiermee saam te stem nie. En hulle probeer om dit iets anders te maak, maar nogtans maak dit nie sin vir my nie. Hulle probeer om te

sê dat Adam en Eva appels geëet het. Broer, as . . . Ek sê dit nie vir ’n grap nou nie, maar ek wil dit sê. Want, as die eet van appels vrouens sal laat besef dat hulle naak is, beter ons weer die appels aanstuur. En julle weet dis reg.

133 Julle weet, ’n appel eet, dit was nie wat hulle gedoen het nie, hulle laat besef het hulle was naak nie. Beslis, dit was nie. Dit moes seksueel kom. Dit móés wees, want hulle het besef hulle was naak toe hulle hierdie verbode vrug geneem het. Is ’n vrou nie ’n vrugteboom nie? Is jy nie die vrug van jou moeder nie? Dit was die vrug wat verbode was om te neem.

134 Nou hier is ’n groot ding. Nou die naaste wat wetenskap ooit gekom het om te weet wat die menslike wese was . . . Hulle grou ou bene op, hulle neem fossiele, en hulle neem koppe, en hulle neem kopbene, en arms, en bene, en probeer om dit te maak lyk soos ’n menslike wese. En hulle weet dat die naaste ding waarby hulle ooit gekom het om die mens te vind, naaste aan dit, is ’n sjimpansee. Hy is die naase spesie aan die menslike wese; maar nogtans is dit niks met die menslike wese nie, die hoogste.

135 Die laagste vorm van lewe wat daar is is ’n padda; die hoogste vorm is ’n menslike wese. God het by die onderkant begin en dit reg boontoe gemaak, totdat Hy dit tot by Sy beeld gebring het. Het dit van die voëls en die diere gebring, en op boontoe, totdat Hy by die beeld van God gekom het. Hy het die mens in daardie beeld gemaak. Dis die hoogste vorm. Die laagste vorm is net ’n paddavissie wat in ’n padda verander het, en so voorts.

136 Nou, hierdie vermiste skakel, wat hulle nie kan vind nie. Let op die Skrif nou. Julle, julle gaan nie hiermee saamstem nie, baie van julle, maar ek wil . . . wil net hê julle moet dit in gedagte hou. En moenie bevooroordeeld wees daarteen nie. En luister.

137 Ek weet baie van julle het pas geluister na Dr. DeHaan. Ek is beslis . . . As ’n man van sy kaliber, en ’n goeie Baptiste broer, en ek waardeer hom sekerlik. Hy het meer intelligensie en breins, en—en het meer vergeet as wat ek ooit kan weet; want hy’s ’n Doktor van—van Godsgeleerdheid, en hy’s ’n mediese dokter, en hy is ’n Doktor van Wetenskap. Hy’s ’n slim man. Maar hy sê dat daardie . . . Toe die seuns van God gesien het die dogters van die mens was mooi; hy neem Josephus se stand, en sê dat “hulle—hulle het hulleself binne-in menslike vlees gedruk,” en het vir hulle vrouens geneem. En daar was reuse in die land van Nod. “En hulle het vir hulleself vrouens geneem en met hulle geleef, toe die seuns van God, gevalle Engele, die dogters van die mens geneem en gesien het; en die seksdrang was so ’n groot ding, en hulle wie sondig was deur te val, hulle het hulleself in menslike vlees ingedruk.”

138 As hulle dit sou gedoen het, bederf hulle Goddelike genesing, bederf hulle alle ander dinge. As die duiwel kan skep, is hy gelyk aan God. Die duiwel kan nie skep nie. Ek wil hê dat julle my een plek wys waar die duiwel kan skep. Hy kan nie skep nie. Hy verdraai slegs wat reeds geskape is. Hy is geen skepper nie. Hy is slegs 'n verdorwene.

139 Wel, dan, wat het gebeur? Let op. Hier is my weergawe. Hier is die vermiste skakel.

140 Nou het hulle 'n sjimpansee, maar jy kan nie 'n sjimpansee met 'n vrou voortplant en 'n kind voortbring nie. Jy kan nie 'n menslike wese voortplant met enige dier nie. Dit sal nie meng nie. Jy kan nie bloed oortap nie, enige dier nie.

141 Toe ek in Afrika was, het hulle daardie arme nie-blanke mense daar op só 'n manier behandel; iemand het vir my gesê, gesê, "Hulle is niks anders as diere nie."

142 Ek het gesê, "Verskoon my. Hulle is net soveel mens as wat jy is, miskien 'n bietjie meer." Laat my jou vertel, wanneer jy daardie soort van 'n gesindheid het, gaan jy terug na 'n dier toe. Ek het gesê, "Daardie man, as hy so swart is soos 'n skoppenaas ["ace of spades"—Vertaler], of as hy so geel is soos 'n pampoen, of as hy so blou is soos indigo, mag hy jou lewe red deur jou 'n bloedoortapping te gee. Maar moet jy nooit 'n dier se bloed in jou plaas nie." Sekerlik, hy's 'n mens.

143 Net omdat een vel swart was, en die ander een bruin, en 'n ander een geel, en die ander een wit, dit het niks daarmee te doen nie. Die Bybel het gesê, "God het van een bloed alle mense gemaak." En dis presies reg. Die plekke waar ons in gebly het, wat ons kleure verander het, het niks daarmee te doen gehad nie. God het van een—een mens alle nasies gemaak, een bloed, alle nasies dieselfde.

144 Die Chinese; die nie-blanke man kan nie nou sê nie, die swart man kan nie nou sê nie, dat, "Daardie Chinese man, hy—hy is geel, ek gaan niks met hom te doen hê nie." Hy's jou broer. [Broer Branham klop 'n paar keer op die preekstoel—Red.] En julle wit manne kan nie aan die geel man of die swart man sê nie, nie een nie, "Ek het niks met jou te doen nie." Hy's jou broer. Presies reg.

145 Let op nou, hier is wat plaasgevind het. Ek glo, en kan dit staaf deur die Bybel, dat dit die slang is wat dit gedoen het. Die slang is daardie vermiste persoon tussen die sjimpansee en die mens. Want, luister, let hierna op nou, dat die slang nie 'n reptiel was nie. Hy was die mees "listig" van al die diere van die veld.

146 Nou, ek het gegaan en woordeboeke gekry, vandag, vanaf oral, om hierdie woord op te kyk, wat die woord *listig* beteken. Dit beteken "om slim te wees, om geslepe te wees," en, die

beste interpretasie van die—van die Hebreeus (van m-a-h-a-h, mahah) beteken "om die ware kennis van die prinsiepe van die lewe te hê."

147 Nou laat ons hierdie net 'n minuut dophou. Hy is slim, geslepe, tog word hy die "slang" genoem. Maar, onthou, hy was die slimste ding wat daar was, en die meeste soos die menslike wese as enigiets anders wat daar op die veld was; naaste aan die menslike wese. Hy was nie 'n reptiel nie. Die vloek het hom 'n reptiel gemaak. En hy was die. . . Die Bybel het gesê hy was die mooiste van almal.

148 En selfs die vloek het nie al sy skoonheid weggeneem nie; steeds is die glorieryke kleure van 'n slang pragtig, en sy grasie en sy uitgeslapenheid. Selfs die vloek het dit nie weggeneem nie. Maar, onthou, God het hom gesê dat sy bene sou afkom en hy sou op sy maag gaan. En jy kan nie een been in 'n slang vind wat lyk soos 'n menslike wese nie, en dis die rede waarom wetenskap verlore is. Maar daar is hy.

149 God het dit verberg van die oë van die wyses en verstandiges, en het belowe om dit te openbaar aan die seuns van God, in die laaste dae wanneer die seuns van God gemanifesteer sal word, wanneer, "God se seuns wat gejubel het selfs voor die grondlegging van die wêreld." Wanneer die groot openbaring van die Godheid en dinge afgebring sal word in die laaste dae, sal Hy hierdie dinge manifesteer deur die seuns van God. Julle weet die Skrifte leer dit. En hier is ons. Dis die rede waarom God hierdie dinge aan ons oopmaak. God is besig om Sy seuns in manifestasie te bring. Hy gaan verby die beperkinge van enige menslike kennis, ver in die geestelike openbaringe in, en bring Dit af. Het ons nie geleer, in hierdie Bybel, "Hierdie is vir hom wat wysheid het" nie? Nie wat hy in 'n sekere kweekskool geleer het nie; maar wat hy op sy knieë voor God geleer het, en wat God behaag het om vir hom te gee. Seuns van God, gemanifesteer!

150 Hier is die slang, nou hier is wat die slang was; ek gaan julle my beskrywing van hom gee.

151 Ons het die. . . ons kom aan, van 'n padda, daarna die paddavissie, en verder aan en verder aan, en so-en-so, totdat jy uiteindelik by die aap kom, tot die sjimpansee. En van die sjimpansee, nou spring ons van die sjimpansee tot die mens, en ons wonder waarom.

152 "Wel," sê die wetenskap, "wag nou! Ons kan die vrou met die aap paar en met die 'pansee, en dan andersom, 'n man paar met die sjimpansee." Dit sal nie werk nie. Paar dit met enige ander dier; dit sal nie werk nie. Bloed sal nie meng nie; neem jou bloed, dis geheel en al 'n ander bloed, geheel en al.

153 Daar is bloed hier tussen, en hulle kan die dier nie vind nie. O, halleluja, ek begin godsdienstig voel reg nou. Let op.

Waarom? God het dit van hulle verberg. Daar is nie ’n been in ’n slang wat lyk soos ’n menslike been nie. Hy het die ding so ver weg geplaas dat dit nie ontdek kon word deur slim mense nie.

154 En ek gaan julle wys waar daardie slim mense vandaan kom, waar—waar hy is, in elk geval. Sien, hy kan nie daardeur kom nie.

155 Dit moet deur openbaring kom. “U is die Christus, die Seun van die. . . ” “Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou; en die poorte van die hel kan dit nie oorweldig nie,” geestelike openbaring. Hoe het—hoe het Abel geweet om ’n lam te offer, instede van Kain wat die vrugte van die veld geoffer het? Dit was geestelik aan hom geopenbaar. Jy kry dit nie deur kweekskole nie. Jy kry dit nie deur denominasies nie. Jy kry dit van die Hemel.

156 Nou let op die slang, hierdie slang wat eerste was. Laat ons ’n prentjie skets van hom nou. Hy’s ’n geweldige groot kêrel. Hy’s tussen die sjimpansee en die mens. En, die slang; die duiwel, Lucifer, het geweet dat daardie die enigste bloed was wat sou meng met hierdie menslike bloed, die enigste persoon met wie hy kon deel. Hy kon nie deel met die sjimpansee nie, daardie bloed sou nie meng nie. Hy kon nie met verskillende dinge deel nie. Hy kon nie deel met die skape nie. Hy kon nie deel met ’n perd nie. Hy kon nie deel met enige dier nie; hy moes deel met hierdie slang.

157 Laat ons hom nou neem en sien hoe hy lyk. Hy’s ’n geweldige groot kêrel, prehistoriese reus. Dis waar hulle hierdie groot bene vind, en ek sal julle dit in die Bybel wys, in ’n rukkie. Let nou noukerig op. Nou goed. Hierdie geweldige groot kêrel, laat ons sê hy—hy was tien voet hoog, geweldige groot skouers; gelyk net soos ’n man. En sy bloed; nadat dit deur gekom het, ooreengestem die een dier met ’n ander. Jy kan diere kruis. En dit het aangehou om hoër bloed te word, hoër vorm van lewe, hoër vorm, totdat dit opklim tot in die menslike ryk. Maar die laaste konneksie hier, hier tussen, was afgesny. Hoeveel weet dat wetenskap nie die vermiste skakel kan vind nie? Almal van julle weet dit. Waarom? Hier is hy, die slang. Hier was hy, ’n geweldige groot kêrel.

En die duiwel kom af, nou, hy sê, “Ek kan inspireer.”

158 Nou wanneer jy begin kyk na vrouens, en betrokke raak met vrouens, onthou, is jy gesalf deur die duiwel; as dit nie jou eie vrou is nie.

159 Let op, nou, die duiwel het afgekom en in die slang ingekom. En hy het Eva in die tuin van Eden gevind, nakend, en hy het gepraat van die vrug in die midde. Die *midde* beteken “middel,” en so meer; julle verstaan, in ’n gemengde vergadering. En hy het gesê, “Nou, dis aangenaam. Dis goed

vir die oog." En wat het hy gedoen? Hy het 'n liefdesverhouding met Eva begin aanknoop, en hy het met haar geleef, as haar man.

160 En sy het gesien dit was aangenaam, so sy het gegaan en haar man vertel, maar sy was alreeds verwagtend by Satan.

161 En sy het haar eerste seun voortgebring, wie se naam Kain was, die seun van Satan.

"Nou," sê jy, "dis verkeerd."

162 Nou goed, ons sal net uitvind of dit verkeerd is of nie. "En Ek sal vyandskap stel tussen jou Saad en die slang se saad." Wat? Die slang se saad! Sy het 'n Saad gehad, en hy het 'n saad gehad. "En Hy sal jou kop vermorsel, en jy sal Sy hakskeen byt." En 'n *vermorsel* ["bruise"—Vertaler] daar, beteken, "Om 'n Versoening te maak." Nou daar is jou "saad" van die slang.

Nou, let op, hier kom hierdie twee manne uit.

163 Nou, hierdie slang, toe hy daar gestaan het, hierdie groot reus van 'n kêrel het daar bo gestaan, hy was skuldig aan owerspel pleeg met Adam se vrou. Waar lê sonde vandag? Wat maak dinge soos wat dit is vandag? Nou, ek—ek. . . Julle kan sekerlik vang waarvan ek praat. En daar was dit.

En toe hy dit gedoen het, het God gesê, begin om vir Adam en Eva te roep.

En hy het gesê, "Ek was naak."

En Hy het gesê, "Wie het jou vertel jy was naak?"

164 Toe het hulle begin, die weermag manier, om die skuld vir 'n ander te gee. Gesê, "Wel, die vrou wat U my gegee het, het dit gedoen. Sy was die een wat my oorreed het."

165 En sy het gesê, "Die slang het my 'n appel gegee"? Nou goed, prediker, ruk jou reg.

166 Sy het gesê, "Die slang het my bedrieg." Weet julle wat *bedrieg* ["beguile"—Vertaler] beteken? Dit beteken "besoedel." En sy was. Die duiwel het haar nooit 'n appel gegee nie. "Die slang het my verlei."

En toe het die vloek gekom.

167 Hy het gesê, "Omdat jy na die slang geluister het instede van jou man, het jy Lewe van die wêreld weggeneem. En jy sal—jy sal jou sorge vermenigvuldig; en jou bevrugting sal na jou man wees," en so meer.

168 "En omdat jy na jou vrou geluister het, instede van My (Ek het jou van die stof geneem; die hoogste spesie), na die stof sal jy terugkeer."

169 "En, slang, omdat jy dit gedoen het, af gaan jou been. Op jou buik sal jy seil, al die dae van jou lewe. En jy sal gehaat word. En stof sal jy eet." Daar het jy dit. Daar is daardie vermiste skakel.

170 Nou hier kom Kain. Laat ons die nature dophou. Hier kom Kain. Wat is hy? Hy is 'n slinkse besigheidsman. Hy bewerk die veld. Slim, intelligent; godsdienstig, baie godsdienstig; let op sy—let op sy hoedanighede nou. Beweeg net saam met my net vir 'n paar minute langer.

171 Hier kom hy uit. Hy weet hy's verganklik. Hy wil kerk toe gaan. Hy bou vir hom 'n kerk, maak vir hom 'n offerande. Bring 'n altaar, en alles. Het 'n altaar gebou, plaas sy blomme daarop. Het die veld geneem, die vrugte van die veld, dit aan God geoffer. Gesê, "Daar het U dit, Here. Ek weet ons het appels geëet, dis wat dit veroorsaak het." Sommige van sy afstammelinge het dieselfde soort van 'n idee. Wys waar dit vandaan kom. Het sy appels ingebring, vanaf die veld, hulle daarop neergelê, gesê, "Hierdie sal 'n versoening maak."

God het gesê, "Dit was nie appels nie."

172 Maar, deur geestelike openbaring, het Abel geweet dit was bloed. So hy het 'n lam gebring, sy keel oopgesny, en dit het gesterf.

173 En God het gesê, "Dis reg. Dis wat dit gedoen het. Dit was bloed." Julle weet watter bloed ek van praat. Nou goed. "Dit was bloed wat dit gedoen het."

174 Let nou op. En toe Kain gesien het sy "holy-roller" broer was aanvaar voor God, en tekens en wonders het plaasgevind daar onder, het hy jaloers geword op hom. Hy het gesê, "Ons sal hierdie dinge nou dadelik stop." Kyk na sy broers, kyk na sy kinders, tot vandag. "Nou, ek is slimmer as wat hy is," so hy het kwaad geword. Waar het *woede* vandaan gekom? Kon jy sê dat woede. . .Hy het sy broer doodgemaak. Hy was 'n moordenaar.

175 Kon jy God 'n moordenaar noem? En Adam was die seun van God. Die Bybel het gesê, dat, "Adam was die seun van God," daardie suiwer begin daardie tyd. Adam was God se seun. En daardie jaloesie en nydigheid, en alles, kon nie uit daardie suiwer stroom kom nie.

176 Dit moes deur 'n ander plek kom. En dit het gekom deur Satan, wie 'n moordenaar was, om mee te begin. Die Bybel het gesê, "Hy was 'n leuenaar en 'n moordenaar, om mee te begin." En daar is dit. En hy het sy broer doodgemaak.

177 En dit was 'n tipe van die dood van Christus. Toe, daaruit, natuurlik, het Hy Set opgerig om sy plek te neem. Dood, begrafnis, en opstanding van Christus.

178 En let op, toe, hier kom jou reuse. Toe het Kain na die land van Nod gegaan. As sy pappa 'n geweldige groot reus van 'n kêrel was, waarna sou Kain lyk? Sy pappa. En hy het na die land van Nod gegaan, en een van sy susters geneem.

179 Enigste manier wat hy kon doen. Daar kon geen vrouens meer kom nie, maar alleenlik deur Eva. Hulle beweer hulle het sewentig seuns en dogters gehad. As—as daar geen vrouens was nie. . . Die Bybel hou nie rekord van vrouens wanneer hulle gebore word nie, net mans. En wanneer, as daar geen meer vrouens buiten Eva was nie, toe sy gesterf het, sou die menslike geslag opgehou het om te bestaan. Sy móés dogters gehad het. En hy moes sy eie suster getrou het.

180 Hy het na die land van Nod gegaan en het—het sy vrou gekry. En toe hy haar daar getrou het, daar is waar hulle daardie geweldige groot reuse gekry het, wat gevalle seuns van God was; wie deur hulle pappa gekom het, die duiwel, deur Kain. Daar is jou vermiste skakel.

181 En let op die saad van die slang. Kyk nou. Onthou, die saad van die slang is godsdienstig. Let op hoe dit begin beweeg nou, vir 'n paar minute. Hier gaan dit, die saad van die slang. Wat het met hulle gebeur? Nou laat my net iets hier lees, wat ek net vanmiddag neergeskryf het.

182 Wat het deur die lyn van Abel gekom? Luister hierna. Nou goed. Hier het Abel gekom. Ná Abel het Set gekom. Ná Set het Noag gekom. Ná Noag het Sem gekom. Ná Sem het Abraham gekom. Ná Abraham het Isak gekom. Ná Isak het Jakob gekom. Ná Jakob het Juda gekom. Ná Juda het Dawid gekom. Ná Dawid het Christus gekom, tot die volmaaktheid.

183 Let op daardie tyd hoe die Gees van God in Abel gelewe het. Kyk hoe Dit in Set gelewe het. Kyk hoe Dit in Juda gelewe het. Kyk hoe Dit in Dawid gelewe het. Kyk na dieselfde Gees wat uitroep, deur daardie regverdige saad, al die pad deur. Maak nie saak wát hulle gedoen het nie, hulle was voorbestem.

184 Kyk na Jakob, 'n vuil. . . Ek sê dit nie deur heiligskenning nie. Maar Jakob, 'n klein konkelaar, wat die heeltyd aan sy moeder se rokspante gehang het; rondgehardloop het, 'n klein meisieagtige seun ["sissy boy"—Vertaler]. Het dinge oor hom gesit, gegaan en sy vader mislei, om die seën te kry; maar dit was aan hom gegee voor die grondlegging van die wêreld. Sekerlik, dit was.

185 Daar uitgegaan en vir sy skoonpa gelieg; en 'n paar gespikkelde stokkies geneem, populier stokkies, en hulle in die water gesit, om hierdie beeste skrik te maak toe hulle verwagtend was; om hulle te maak gespikkelde beeste voortbring, sodat hy kon kul en daardie beeste kry. God het hom geseën daarin. Dis reg.

186 Wee enigiemand wat enigiets omtrent Jakob sê. Julle weet wat—julle weet wat die valse profeet gesê het. . . Of, hy het reg geprofeteer. Bíleam, hy het gesê, "Wie hom ookal seën sal geseënd wees, en wie hom ookal vervloek sal vervloek wees."

187 "Ek het jou geneem, Jakob. Ek het hom gevind as 'n. . . as in 'n vreemde land. En soos die arend haar nes roer, het Ek hom geroer en hom uitgeneem." Halleluja! [Broer Branham klap sy hande drie keer saam—Red.] "Nie deur krag, nie deur mag, maar deur My Gees, sê die Here."

188 Let op hoe dit deurkom na daardie volmaaktheid. Daardie Gees het deurgewerk tot die volmaaktheid in Christus, af deur elkeen van die aartsvaders, regdeur gekom. Maak nie saak wat hulle gedoen het nie, wat hulle gesê het nie, wat hulle gedoen het nie, hulle was absoluut die saad van die regverdiges.

189 En hier, toe regverdige Abraham. . . Glorie! O, ek voel net regtig goed. Toe regverdige Abraham Melgisédek ontmoet het, Wie God Homself was!

190 Wie was Melgisédek? "Die Koning van Salem, wie Koning is van Jerusalem, Koning van vrede. Hy het geen vader gehad nie. Hy het geen moeder gehad nie. Hy het nooit 'n begin van dae gehad, ook nie einde van lewe nie." Wie Hy ookal is, Hy lewe nog steeds. "Hy was nooit gebore nie. Hy sal nooit sterwe nie. Hy het nooit 'n vader of moeder gehad nie. Hy het nooit 'n begin van dae gehad nie, of einde van lewe nie." Vertel my Wie dit was. Die Ewige God; in wat ons noem 'n. . .

191 O, ek vergeet presies wat jy dit nou noem. Woordliggaam, is wat dit is. Net soos in. . . Nie 'n fabel nie; maar tog is dit net iets wat gemanifesteer was. Soos toe Hy na Abraham in die tent daarbo gekom het, soos 'n engel, en geprofeteer het, en vir Sara gesê het sy het gelag, agter Hom, en so aan. Die ding, dieselfde ding.

192 En hier was Hy. Hy het Melgisédek ontmoet. En oupa. . . groot-oupa Abraham, in die saad van die regverdige, het tiendes betaal aan Melgisédek; en dit was aan sy groot groot kleinseun hier toegeken, die saad van die regverdiges.

193 Nou hier kom die saad van die—van die slang. Nou, onthou, daar sal vyandskap wees, oorlog tussen hulle.

194 Die saad van die slang kom op die toneel, en wat bring dit voort? Nou laat ons die eerste paar jaar neem. Let nou op wat vind daar plaas. Ons sal dit regdeur lees, want ek het dit pas opgekyk. Die saad van die slang het Kain voortgebring. Kain het na die land van Nod gegaan, reuse voortgebring, en toe kom hulle na die land van Noag.

195 Hulle was slim, geleerd, intelligente mense. Is dit so? Hulle was bouers, uitvinders, wetenskaplikes; nie deur die saad van die regverdiges nie, maar deur die saad van Satan, die slang.

Hulle was sulke mense soos—soos wetenskaplikes, en bouers, en groot manne, leermeesters. Die Skrif sê so. Hulle het brons bewerk. Hulle het yster bewerk. Hulle het metale bewerk. Hulle het dinge uitgevind. Hulle het verskillende metale getemper, en huise gebou, en so aan. Die Skrif sê so. En hulle was spotters teenoor die Saad van die vrou, Noag, die regverdige. Is dit so? [Gemeente sê, "Amen."—Red.]

196 Laat ons hulle 'n bietjie verder volg. Dan, ons kry hulle tot by die ark, alles was vernietig. Het in so 'n opeenhoping van sonde gekom, en hulle het die heerskappy geneem, en die slimste en intelligent. Totdat, God het afgekyk, daar was nie veel meer oor nie, so Hy het net Noag en sy familie in die ark geneem, en die water neer laat reën, en die hele ding vernietig. Het Henog opgeneem, voor dit. Is dit so? [Gemeente sê, "Amen."—Red.] Daar was al die saad, feitlik al die saad; maar Sy doel moet vervul word.

197 Nou, Noag en sy seuns, wat uitgekom het, Ham, Sem en Jafet, het uitgekom in die regverdige lyn.

198 Hoe het die saad ooit oorgekom? Die saad het in die ark oorgekom, net soos dit in die begin gedoen het, deur die vrouens, hulle vrouens. Hulle het die saad van Satan gedra, deur die ark; net soos Eva die saad van Satan gedra het, om geboorte te gee aan Kain, deur die vrou.

199 Julle plaas daardie vrouens in julle platvorms as predikers? Die Bybel veroordeel dit! Paulus het gesê, "As enige man dink hy is 'n profeet, of selfs geestelik, laat hom dan erken dat wat ek skryf die gebooie van die Here is; maar as hy onkundig is, laat hom onkundig bly."

200 Dis waarom ek uit die Baptiste kerk hieronder gestap het. Broer Fleeman was hier 'n rukkie gelede; ek dink hy was daar daardie aand. Dr. Davis het gesê, "Jy sal hierbo staan en hierdie vrouens verorden vir predikers."

Ek het gesê, "Ek sal dit nie doen nie. Nee, gladnie."

Hy het gesê, "Wel, ek sal jou uitgooi."

201 Ek het gesê, "Ek was al uitgegooi uit beter." Ek het gesê, "Hierdie is die Woord van God, en Dit veroordeel die ding. En ek kan nie dít ophou wat God veroordeel nie." Nee, meneer.

202 Wie dit ookal doen, wys hulle is valse leraars, valse profete. Die Bybel het gesê hulle sou wees. "Mislei die uitverkorenes as dit moontlik was." Daar het jy dit.

203 Let hierdie op nou. En daaruit, toe, het Ham gekom, Ham met sy vrou, en hulle. Hy het 'n vloek op hom geplaas. Vanaf Ham het Nimrod gekom, wie Babilon gebou het. Vanuit Babilon het die Katolieke kerk gekom, die begin daarvan. Deurgekom af tot by Agab. Deurgekom vanaf Agab, tot in Judas Isakariot; dit byeen gebring, die anti-Chris.

204 En in hierdie laaste dae, hier is die gees van die anti-Chris en die Gees van die Christus. Die gees van die anti-Chris, wat sê, "Die dae van wonderwerke is verby." Die Gees van Christus, wat sê, "Hy is dieselfde gister, vandag en vir altyd." Die gees van die anti-Chris sê, "Dit maak geen verskil as jy gedoop is in 'Vader, Seun, Heilige Gees' nie, gegiet, besprinkel, wat dit ookal is, dit beteken dieselfde ding." Die Bybel het gesê dat God onfeilbaar is, en Hy kan nie verander nie. Wie gaan jy dien? Dis vir jou om te besluit.

205 Nou sê jy, "Kan hulle saamwoon? Jy het gesê, dat, daar in die ark, Broer Branham, het jy beide Ham en Set daarin gehad." Dis reg, presies reg. Ham was boos. Set was godsdienstig en regverdig. Nou goed.

206 Laat ons Ham volg. Nou goed, nou, daar's Ham en Set in dieselfde ark; een regverdig, en die ander onregverdig. Daar was 'n kraai en 'n duif in dieselfde ark. Daar was Judas en Jesus in dieselfde kerk. Daar was die anti-Chris en die Heilige Gees in dieselfde kerk.

207 En, vandag, werk dieselfde geeste. "Het 'n gedaante van godsaligheid, baie godsdienstig, maar het 'n vorm van godsaligheid en verloën die Krag daarvan; van diesulkes keer julle weg." Die Heilige Gees, maak aanspraak, "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Watter kant sal jy kies?

208 Die anti-Chris sê dat *Hierdie* net 'n boek van geloofsbelydenis is. [Broer Branham toon sy Bybel—Red.] "Ons sal die Apostels se Geloofsbelydenis herhaal." Ek daag enige prediker uit om my te sê waar die Apostels se Geloofsbelydenis in die Bybel gevind word: "Ek glo in God, die Almagtige Vader, die Skepper van hemele en die aarde; en Jesus Christus, Sy Seun. Ek glo in die Heilige Romeinse Katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges." Waar vind jy dit in die Bybel? En tog sal julle dit herhaal in julle groot Metodiste en Baptiste kerke. Dis 'n leerstelling van die duiwel, en valse profete verkondig dit.

209 En ek hoop nie ek maak julle gevoelens seer nie, maar ek lê dit vas tot hierdie Tabernakel. Julle hier by die Branham Tabernakel, weerhou julle van sulke dinge. Enigiets wat glo in gemeenskap van heiliges is spiritualisme. "Daar is een tussenganger tussen God en die mens, en dit is die Man Jesus Christus." [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.] Gee nie om hoeveel Marias daar is nie!

210 Sien hoe daardie vrou se saad daardie tyd gedoen het? Sien hoe die vrou se saad daar oorgedra het?

211 Kyk na vandag, in Amerika. Amerika is die saad van die duiwel. Wat is dit? Sy's 'n vrou se nasie. Julle het gehoor. "Hierdie is 'n vrouens wêreld." Dis reg. Dis 'n vrouens nasie. Hulle het die patroon neergelê.

212 Ek het hierheen gegaan, nie lank gelede nie, in Switzerland. Die vrouens het gesê. . .Een klein, Heilige Gees vroutjie het gesê, "Jy weet, as ek oorgaan na Amerika, hulle sê die vrouens het vryheid."

213 Ek het gesê, "Laat my jou vertel waarheen dit lei." En ek het haar begin vertel.

Sy het gesê, "O, genade, ek wil niks daarvan hê nie."

Ek het gesê, "Dis waarheen dit lei."

Julle weet, hulle doen nie dinge daar soos hulle dit hier doen nie.

214 Wat is dit? Laat my julle wys dat Amerika 'n vrou is. Op ons geldstuk is 'n vrou se foto. Alles hierin is 'n vrou.

215 Sê my, daar is nie genoeg dranksmokkel huise in die land, wat sou hê. . .Jy kan veertig dranksmokkel huise in hierdie stad plaas, en plaas drie prostitute, mooi vrouens wat hulleself heupswaai die straat af; hulle sal meer siele hel toe stuur, van wellus agter hulle aan, as al die dranksmokkel huise wat jy in die stad kan plaas. Dis presies reg.

216 Wie is dit dan? Dis vrou. Wat is sy? Sy's die god van Amerika.

217 Neem sommige van hierdie ou film akteurs, en kom hierheen, vier of vyf keer getroud, bly saam met drie of vier verskillende mans op dieselfde tyd; en sommige van hierdie tydskrifte ontbloot en sê vir hulle, neem hulle fotos nakend daarso. En julle klein meisietjies stel dit as julle voorbeeld, (waarom?) omdat jou mamma voor jou, miskien, jou ouma voor jou. Sien julle waarin daardie saad van die slang werk? Vir seker, dit is.

218 En wat het dit gedoen? As ongeregtigheid besoek word vir veertien geslagte, onder die wet, wat sal ongeregtigheid wees as dit besoek sou word in hierdie dag, wanneer die saad van die regverdige omtrent uitgewerk is? En God het gesê daar sal 'n tyd kom, as Hy nie die werk kortgeknip het nie, sou daar niks daarvan oorgebly het nie. Ons is by die end tyd. Jag die regverdiges vanaand; gaan deur die stede!

219 O, jy vind kerklede net so lojaal aan die Baptiste en Presbiteriane, en so voorts, as wat dit kan wees. Maar hulle het niks meer te doen met God as wat 'n haas het om sneeuskoene aan te trek nie. Weet niks Daaromtrent nie! Al wat hulle weet. . .Is jy 'n Christen? "Ek is 'n Katoliek." Is jy 'n Christen? "Ek is 'n Baptis." Is jy 'n Christen? "Ek is Presbiteriaan." Is jy 'n Christen? "Ek is Pinkster." Dit het niks met Daarmee te doen nie.

220 Jy is 'n Christen omdat God, deur Sy genade, jou gered het. En jy weet Daarvan. En iets het jou lewe verander, dat jy anders lewe. En jy is 'n nuwe persoon en skepsel in Christus Jesus. Sekerlik.

221 Maar sien jy waar die saad van die slang? Wat was die saad van die slang? Owerspel. Volg julle dit? Owerspel met Eva. Wat het daarmee gebeur? Wat het dit voortgebring? Wat is dit vanaand?

222 Kyk terug, 'n paar jaar gelede, toe die eerste lied uitgekom het. Julle ouer mense, toe die. . .Hulle het liede altyd gesensor voordat hulle toegelaat het om dit oor die radio te laat sing. En die eerste een wat uitgekom het, was dat, "Rol hulle, meisies, rol hulle, wys julle mooi knieë," en alles soos daardie. "Lag vir pa en ma, en gee hulle almal 'n 'ha-ha-ha!'" Dis die eerste een wat hulle laat deurglip het. Waar dink julle is die kêrel vanaand wat daardie lied geskryf het? Hy's dood.

223 Wat dink julle van Clara Bow, wie eerste uitgekom het en gesê het, "die gevaarlike kurwes," en die ontkleedans wat duisende siele hel toe gestuur het? Waar dink julle is sy vanaand? Sy's dood vir 'n lang tyd al. Waar is sy, met daardie liggaam van haar? Lê daar anderkant, gekanker in die stof, en die wurms het daardeur geëet. En haar siel lê daar anderkant voor 'n regverdige God.

224 Waar is die man wat daardie vrouens geneem het en daardie ou smerige klere gemaak het wat hulle aantrek, om hulle te laat uitdruk op die een plek en die ander, en hulle laat mispas? So waarvoor het hulle dit gedoen? Waarvoor dra jy daardie soort van dinge? Want jy wil hê dat mans na jou kyk, en geen ander manier om dit te bewys nie. [Broer Branham het 'n paar keer op die preekstoel geklop—Red.]

225 En weet jy dat wanneer jy dit doen, en een of ander ou sondaar kyk na jou, weet jy wat het gebeur? By die Oordeel Bank. . .Jy sê, "Broer Branham, ek is net so getrou aan my man as wat ek kan wees." Jy sal skuldig geag word vir owerspel pleeg. Jesus het gesê, "Wie ookal na 'n vrou kyk om haar te begeer het alreeds owerspel met haar in sy hart gepleeg." Wanneer daardie man moet antwoord vir owerspel pleeg, wie gaan die een wees wat dit veroorsaak het? Die manier waarop jy jouself aangetrek en jouself vertoon het.

226 Nou, ek bedoel nie om te sê jy moet aantrek soos een of ander iets vanuit 'n antieke kis nie. Maar, jy kan meer soos 'n dame lyk.

227 En gaan hier uit en ontklee, jou kort kortbroekie, en draai 'n strikkie daarom soos dié; en jou baba met sy oë soos 'n sigaret bakkie, met 'n sigaret in jou mond, en loop die straat af. Jy doen dit nie vir enige goeie doel nie. Jy mag onskuldig wees van die feit, maar die duiwel gebruik jou as gereedskap net soos hy met Eva gedoen het.

228 Waarom is dit 'n vroumens nasie? Omdat dit direk oplyn tot die heerskappy van Katolisisme. Wat is dit vandag? Jy hoor

hulle nooit vir Jesus noem nie. "Heil Maria! Maria, moeder van God! Heilige Cecilia!" Alle soorte van heiliges, dooie heiliges. Hier nie lank gelede nie, onder in . . .

229 Ek was onder in Mexiko, verlede jaar. Hier kom 'n arme vrou, aangesleep. Haar knieë, afgeslyp soos daardie, en vel; huilende, en hou haar hande. En die vader wat saamloop, dra twee kinders, hulle huilende; moeder wat so ly; want 'n sekere vrou, wat hulle 'n heilige noem, het gesterf. Hulle het haar standbeeld daar op die heuwel gehad. Een of ander beminde het haar doodgemaak. En sodra sy doodgemaak word soos daardie, natuurlik, was sy 'n heilige; sy was Katoliek. So sy het toe gegaan, om belydenis te doen; en sy moes twee myl aansleep, oor ronde klippe ["cobblestones"—Vertaler], om belydenis te doen.

230 Broer, as daar een ding is wat ek moet doen, het Jesus Christus verniet gesterf. Genade, is ek gered; en nie deur—deur myself nie, maar deur die wil van God, en deur die goedheid van God.

231 Daardie verslaggewers het my gevra, gesê, "Mnr. Branham . . ." Die—die klein, dooie babatjie wat tot die lewe gebring was, en 'n paar dinge daar. Dertig duisend Katolieke . . . Nee, verskoon my. Dit was twintig duisend. Dertig duisend was Afrika. Twintig duisend Katolieke het Christus ontvang as persoonlike Saligmaker, op een slag, toe dit gebeur het, gestaan in Mexiko Stad. En daardie priesters, hulle kon niks sê nie; te veel, sou 'n oproer begin het. Het te veel aan die kant gehad. So hy het gesê, "Mnr. Branham, glo jy dat ons heiliges dieselfde ding kan doen as wat jy doen?"

232 Omdat ek hulle leerstelling geken het, het ek gesê, "Seker, as hulle leef." Sien? So, jy kan nie 'n Katolieke heilige wees voordat jy dood is nie, jy weet.

So hy het gesê, "O, jy kan nie 'n heilige wees voordat jy sterf nie."

233 Ek het gesê, "Waar lees jy dit? Paulus het gesê, 'Aan die heiliges wat in Éfese is,' en hulle wat geroep is van God. 'Aan die heiliges wat in Éfese is,' hy het sy brief gelees; en die heiliges wat op ander plekke is, by Galasië, en—en 'die heiliges in Rome,' en so voorts. Die *heiliges*, 'die gereinigdes.' Wat daaromtrent?"

234 Hy het gesê, "Natuurlik, nou, ons is nie veronderstel om oor die Bybel te stry nie. Omdat, ons is die kerk, en wat die kerk gesê het. Ons gee nie om wat die Bybel sê nie. Dis wat die kerk sê." Gesê, "Wat is jou opinie dan van die Katolieke kerk?"

235 Ek het gesê, "Ek wens jy het dit nie vir my gevra nie. Omdat jy my gevra het, nou gaan ek jou die Waarheid vertel."

Gesê, "Wel, ek wil dat jy my die Waarheid vertel."

Ek het gesê, "Die hoogste vorm van spiritualisme wat ek ken."

Hy het gesê, "Hoe kry jy dit?"

236 Ek het gesê, "Enigiets wat met die dooies intree is 'n spiritualis." Ek het gesê, "As daardie heilige terug antwoord, dan is hy in die hel. Want, hulle wat die pad oorgestap het, my—my Bybel sê dat hy nie kan terugkom nie." Dis reg. En ek het gesê, "As dit is, as hy 'n heilige was; is dit die duiwel wat praat soos 'n heilige, en is dit nie die heilige, na alles nie."

237 En hy het gesê, "Wel, nou, net 'n minuut." Gesê, "Jy tree ook in met die dooies."

Ek het gesê, "Waar?"

Hy het gesê, "Jesus Christus het gesterf."

238 Ek het gesê, "Maar Hy het weer opgestaan. Hy is nie dood nie. Maar Hy lewe, om in te tree, en die enigste middelaar tussen God en mens."

239 "Ek is Hy wat dood was, en is weer lewendig, en leef tot in alle ewigheid. Ek het die sleutels van die dood en hel." "Wie ookal wil, laat hom kom en vryelik drink van die waters van Lewe." My! Dis ons God. Dis ons God.

240 En die saad van die regverdiges bestaan feitlik nie meer nie. Praat met mense oor hierdie dinge. Praat met mense oor terugkeer na die Bybel se weë. Praat met die mense oor wonderwerke. Praat met die mense daaroor. Hulle "kerk glo Dit nie," so hulle is onegte kinders, aan God. Die Bybel sê as ons nie vervolging kan dra nie, en beproewinge, spotterye, en "holy-rolers" genoem word, en so aan nie, soos daardie; as julle dit nie kan staan nie, is julle onegte kinders, en nie die kinders van God nie. Die Bybel het so gesê.

241 Noem my "holy-roller," as jy wil. Noem my enigiets wat jy wil. So lank as my hart reg is met God, en my ondervinding lyn op met God se Bybel, beweeg ek reguit aan in hierdie selfde rigting. Ja, meneer. Dis wat ons glo. Dis die Kerk van die lewende God, wat nie kom deur teologie nie. Dit kom nie deur 'n mensgemaakte, intellektuele konsepsie nie. Dit kom deur absoluut die geopenbaarde Waarheid dat Jesus Christus die Seun van God is.

242 As ek maar net 'n intellektuele konsepsie gehad het, omdat die Baptiste kerk of die Metodiste kerk my geleer het dat hierdie *so-en-so* 'n dinge; wanneer ek hierdie Bybel hoor, as die Bybel. . . As ek gedoop was in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees," en hierdie Bybel lees, en 'n prediker het my vertel dat daar nie een in die Bybel ooit gedoop was behalwe in die Naam van Jesus Christus nie, en ek het dit gelees en gesien dit was die Waarheid, sou ek die water getref het net so vinnig as ek kon. Ja, meneer.

243 As iemand my vertel het dat—dat Jesus Christus 'n groot geneesheer was; en my kerk het my vertel, "Die dae van wonderwerke was verby," en ek het genesing nodig gehad; sou ek hardloop net so vinnig as ek kon, na daardie altaar, om genees te word. Ek sou beslis.

244 As ek 'n prediker was, en het 'n—'n vroue prediker in my preekstoel gehad, en ek lees in daardie Bybel en sien dat 'n vrou nie veronderstel was om te preek nie, sou ek haar daar uitneem, al sou dit die velle van my rug af neem.

245 En onthou, daar heel agter gesit waar Suster Hattie Wright is, een aand, dat 'n vrou my by die deur wou uitgooi omdat ek so-iets gedoen het. Ja, meneer. Ek het gesê, "Jy kom nie in my kerk met jou ou . . ." Toe hulle dit so gedra het, of hulle rokke reg af gesny het soos die, en daardie snaakserige goed, en omtrent helfte van hulle liggame ontbloot het. Ek het gesê, "As hulle ooit in my kerk sou kom, sal ek hulle beslis uitsit." En 'n klein ou skerptong ["snicklefritz"—Vertaler] hieronder, sy het gesterf nie lank daarna nie; en sy het na my geroep, sterwende. Sy was 'n Katolieke meisie, daar opgestap en gaan sit so met daardie. Ek het teruggekyk en haar opgelet, hierbo sien sit, en hulle het gesing. My jas uitgetrek, agtertoe geloop, dit om haar skouers gesit. Ek het gesê, "Dame, as jy na my gaan luister as ek preek, sal jy asseblief hierdie jas dra terwyl jy in die kerk van God is." Sien? Seker.

246 Sy het daar uitgestorm, en daardie klein lippies opgekrul. Sy het uit die gebou gegaan. Sy het gesê, "As hy godsdiens het, sal ek nie my koei daardie tipe van godsdiens laat kry nie."

Ek het gesê, "Moenie bekommerd wees nie, sy sal dit nie kry nie."

247 Toe het ons die tent gehad, hulle het my laat roep toe sy sterwende was. Sy het 'n hartaanval gehad, en sy was sterwende. Haar man het gekom. Hy het gesê, "Kom gou-gou!" En ek was reg in die diens. Groot, lang seun, by die deur gestaan, wagtende vir my. En ek het gehardloop soos . . .

248 Ek het in my motor geklim en soontoe gery. Terwyl ek opgegaan het, het ek daardie ou verpleegster daar ontmoet, wat onder in Howard Park bly, steeds. Sy het gesê, "Eerwaarde, daar is geen nodigheid om te kom nie." Dit is omtrent twintig jaar gelede, miskien 'n bietjie meer. Gesê, "Sy is dood." Gesê, "Sy is dood vir omtrent drie minute." Gesê, "Sy het so hard geskreeu as sy kon, vir jou." Gesê, "Ek het 'n boodskap vir jou."

Gesê, "Wat?"

249 Gesê, "Sê vir daardie prediker, waarvan ek dit gesê het, 'Vergewe my asseblief.'"

250 Ek ek afgegaan soontoe om na haar te kyk. Pragtige vrou; en sy het so hard gely. Sy het klein sproetjies oor haar neus

gehad; ’n pragtig vrou. En die sproete, het dit gelyk, het uitgestaan. En haar oë het heeltemal uit die holtes gedruk, en was halfpad agtertoe gedraai. Natuurlik, haar ingewande en niere het gewerk, en die stoom het oor die hele bed opgestyg, soos dié.

251 En haar man het na my gekyk, gesê, “Broer Branham, sê ’n gebed, want sy wou jou gesien het.”

Ek het gesê, “’n Gebed vir haar nou sal niks beteken nie.”

252 “Die manier waarop die boom oorleun, dis die manier waarop dit val.” Sien? “Wees nie mislei nie; God word nie bespot nie. Wat ookal ’n man saai, dit sal hy maai.”

253 Sien julle waar is dit? Nou wat het gebeur? Kyk na ’n vrou wat dit sou doen. Kyk na vrouens wie daardie tyd geleef het, die koorsangeres, wat was haar dogter? ’n Flerrie. Wat is die flerrie se dogter? ’n Ruk-en-rol tienderjarige. Wat gaan haar dogter wees? Oe! Wat is dit?

Sien die saad van die regverdige?

254 Kyk na julle Baptiste. Gaan terug na ’n rukkie gelede. Gaan terug na John Smith, julle stigter, julle Baptiste. Toe, hy het vir die ongeregtighede van die mense gebid, totdat, hy het gehuil en gebid vir die mense totdat sy oë toegeswel het, en sy vrou moes hom by die tafel voer, sy ontbyt.

255 En julle Metodiste hier rond, met juwele in julle neuse en oor julle ore, en lyk soos sysale vir die duiwel; en gaan uit, dra kortbroeke, en dinge soos daardie! Toe, ou John Smith, een van die ouderlinge van die Metodiste kerk, voordat hy gesterf het op vyf-en-tagtig jaar oud, ’n kort preek gepreek het vir vier jaar. . . vier ure. Hulle moes hom dra en hom in die preekstoel sit. En hier was sy laaste woorde. Hy het gesê, “Ek is so geskok oor die handeling van die Metodiste kerk.” Gesê, “Selfs die dogters van die Metodiste kerk dra goue ringe aan hulle vingers.” Wat sou hy nou sê, met kortbroeke aan, en sing in die koor?

256 Jy het goed gevaar. Wat het gebeur? Jy tree op soos jou mamma. Dis presies dit.

257 Dis die rede waarom ons nie een van hierdie denominasies hierom laat rondhang, of hieraan vaspen nie, “Ons is Metodiste. Ons is Baptiste.” Ons is net van Christus. Laat dit so, en wees vry.

258 Nou, sien die saad van die slang? Wat sou ’n vrou soos daardie uitbetaal? Wat sou dit gedoen het? Wat? Hulle het aangehou, deur die tyd. Hulle het die Baptiste teruggedruk, die Metodiste teruggedruk, die Presbiteriane teruggedruk. Wat het hulle gedoen? Hulle het almal reg teruggekeer, soos hulle mamma, die ou prostituut. Daar is hulle almal, doen dieselfde prostitusie. “Wel, dit maak nie enige verskil nie. Hulle was

onderdompel. Hulle was besprinkel. Hulle, hulle het gekom, het belydenis gedoen. Hulle het hulle ses maande verbodsbepaling gehad; hulle het nie te veel gedrink gedurende daardie tyd nie, en so voorts. Hulle het goeie lede uitgemaak. Hulle het goed betaal op . . . " O, my! Dit het niks te doen met die vrugte van die Gees nie.

259 Die vrugte van die Gees is "geloof," glo dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd; "liefde" vir die broeders; "blydskap, vrede, lydsaamheid, goedheid, saggeaardheid, lankmoedigheid, sagmoedigheid, vriendelik." Dis die dinge, die vrugte van die Gees.

260 En ons neem 'n man, "Wel, hy—hy leef 'n goeie lewe in die buurt." So het Esau.

261 Esau het nooit iemand benadeel nie, en Esau was van die duiwel; maar Jakob, uit dieselfde baarmoeder, was van God. Die saad van die duiwel; die Saad van die vrou, die Saad van God het deurgekom.

262 Nou, sien julle, dit het alles gekom tot hierdie, wat is oor in die wêreld vandag? Ek gaan hierdie baie hard sê, dit laat insink, dan sal ons die herlewing hierna begin, in die volgende diens. Dit het tot 'n vorm gekom. En, asseblief, ek sê dit nie godslasterlik nie. Ek sê dit nie om gemeen te wees nie. Dit het tot 'n plek gekom, tot 'n groot, godsdienstige spul van buite-egtelike, onegte kinders. Daar's my finale opmerkings. Dis presies waartoe dit gekom het. Julle weet dit om die waarheid te wees. Dit het gekom tot 'n plek totdat dit 'n kerkaansluiting en kerklede is, "Het 'n vorm van godsaligheid, verloën die Krag daarvan," totdat dit gekom het tot 'n spul van godsdienstige, onegte kinders. Dis presies wat dit is.

263 Wat is volgende oor? Daar is 'n vuurpyl hangende daar anderkant, verskeie van hulle, kobalt bomme en alle ander dinge. Hulle wag net vir daardie krag om te kom. En daar sal 'n vernietiging wees deur vuur, soos daar was deur water.

264 En, vriende, wat julle ookal doen, as jy 'n Christen is en jy het God in jou hart, en jy weet dat jy van die dood oorgestap het na Lewe, behoort jy die gelukkigste persoon in die hele wêreld te wees. Wanneer die Heilige Gees in jou . . .

265 Wanneer, die Bybel sê, "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

266 Die denominasies sê, "Maar ons glo die wonderwerke is verby."

267 Die Heilige Gees sê, "Amen. Jesus Christus is dieselfde gister, en vir altyd. Laat dit so wees."

268 As die Bybel gesê het, "Bekeer, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van sondes, en julle sal die Heilige Gees ontvang. Want die

belofte kom julle toe, en julle kinders, aan die Heidene ["Gentiles"—Vertaler], almal wat daar ver is, soveel as die Here onse God . . . soveel as die Here onse God sal roep." Sien? (Nie, "so veel as die Metodiste sal roep, die Baptiste sal roep" nie.) Maar, "So veel as die Here onse God sal roep, sal hierdie Heilige Gees ontvang, en gedoop word in die Naam van Jesus Christus." Dis wat die Bybel gesê het.

Wanneer dit jou tref, sê jy, "Amen."

Die kerk het gesê, "O, dit maak geen verskil nie."

269 Maar hierdie Heilige Gees in jou, sê, "amen" op Sy Woord. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar die Woord wat uit die mond van God gaan." Daar het jy dit.

270 Ek wil hê dat julle my een Skrif wys waar dit ooit gesê het 'n appel het die ding begin nou. Ek wil hê dat julle my moet wys dat hulle appels geëet het. Ek het julle gewys dat waar Kain dieselfde ding gedink het, en waar sy saad steeds dieselfde ding dink.

271 Maar die geestelike openbaring van God bewys, deur die Bybel, dat dit seksuele gemeenskap was tussen man en vrou, onwettiglik. Daar is waar jou reuse vandaan kom. Dis waar jou sonde vandaan kom. Dis waar jou korrupsie vandaan kom. Dis waar dit vandaan kom.

272 Nou let op in al hierdie—hierdie, kyk, die—die slang was tweekeer so slim. Sy saad was altyd tweekeer so slim. En ek sal graag op hierdie preekstoel wil klim en hierdie mikrofoon in my hand gryp, [Broer Branham skuif die mikrofoon—Red.], en my voete oor die preekstoel sit, en hierdie sê. En, vandag, waar is julle groot intellektuele? Julle pastoor wat afgegaan het en 'n klomp intellektuele kennis verkry het, en hy staan op; hy's die pastoor van die grootste kerke wat daar is in die land, en so aan soos daardie. Waar staan die saad van die slang? In die slim intelligente plekke soos daardie; slim, uitgeslape geleerdes. Daar is waar hy is. Daar's waar hy lê.

273 "Nie deur krag, nie deur mag, maar deur My Gees, sê die Here." Sien? Dis waar jy . . .

274 Dan neem jy 'n klein broertjie wat daar onder op die hoek staan, wat sy oë uithuil, en staan miskien daar onder en slaan op sy kitaar, en sê, "Broer, kom, vind die Here!" [Broer Branham klop eenmaal op die preekstoel—Red.]

275 Pastoor stap verby, sê, "Ga! Sal nie my gemeente . . . Wel, ek sal nie assosieer, sal nie my . . . sal nie vir Liddy en Johnny en hulle my by 'n plek soos daardie laat sien nie." Gaan voort, saad van die duiwel, jy is oppad na jou Ewige bestemming, in elk geval. Dis reg. Ek kon 'n ander woord daar gesê het, en gesê het, "onegte kinders," en dis net omtrent waar dit staan. Want, julle sien, jy . . .

276 "Geen mens kom na My toe behalwe as My Vader hom trek nie. En almal wat na My toe kom, sal ek oprig in die laaste dag. Daar is niks wat verlore sal gaan nie. Ek het dit. Ek sal dit hou. Geen mens kan dit doen, behalwe dit nie."

277 Alles lê in Hom. Jy kan nie sê, "Ek het een ding gedoen" nie. Dis die genade van God wat dit alles gedoen het. So, niks wat ek gedoen het nie. Ek het nooit 'n ding te doen gehad nie; jy ook nie, nooit. Jy het nooit een ding verdien nie. God het elke deel daarvan gedoen. Jy het nooit jou vinger opgelig vir een deel daarvan nie. Jy het nie gesê, "Wel, ek kom uit 'n goeie familie nie. Ek het *dit* gedoen nie." Dit het nie een ding daarmee te doen nie. God is die Een Wie dit gedoen het; God se genade.

278 Ek is jammer nou, dit is nie heeltemal elfuur nie, maar ek gaan sluit, in elk geval. Sien?

279 Hoeveel verstaan dat die Bybel van hierdie dinge praat om die Waarheid te wees; julle Branham Tabernakel mense, veral? [Die gemeente sê, "Amen."—Red.] Nou, dit is net omtrent een sestiende van wat ons leer en glo. Maar, onthou, aan julle bystaanders, mag ek dit sê, julle mense wat nie hierheen kom as 'n lid nie. Die manier wat ons hierdie glo, is dat *Hierdie* die Bybel is, en die Bybel is God se Waarheid.

280 En ons glo, dat, in die Ou Testament, nou, het hulle 'n manier gehad om te weet wat die waarheid was en wat nie die waarheid was nie.

281 Nou, ons almal weet dat hulle die geskrewe wet gehad het. Hoeveel weet dit? Die wet, die—die gebooie was in die ark, en so meer; nou goed, en die wet op die gebooie. Gesê, "Jy mag nie owerspel pleeg nie. Wie ookal owerspel pleeg word gestenig." Sien? Dit was die—die gebod, en die wet op die gebod. Nou, die ark was geplaas soos *hierdie*; die gebooie was daaronder in, en die wette van die gebooie was in die sakke aan die kant van die ark. As die man hierheen gekom het, owerspel gepleeg het; daar afgereik en gekry wat die wet gesê het, "stenig hom." Het hulle hom net daar uitgeneem en hom gestenig. Dis wat die wet was op die gebod.

282 Nou hulle het nóg twee maniere gehad om te weet. Daar's altyd drie, as 'n bevestiging. Hulle het nóg 'n manier gehad om te weet, en dit was óf deur 'n profeet óf 'n dromer. Hoeveel weet dit? "As daar een onder julle is wat geestelik is, of 'n profeet, sal Ek die Here Myself bekend maak aan hom in drome, en tot hom spreek in visioene." Dis reg. Nou, hy was 'n profeteerder.

283 Nou, as 'n man kom, gesê het, "O, halleluja, ek het dit! Ek profeteer nou in die Naam van die Here. Ek het die openbaring." Hulle het dit nie so gelaat, soos julle mense doen nie. Hulle het dit ondersoek deur die God, eers.

284 Nou, op Aäron se borsplaat het hulle gehad wat hulle die Urim Tummim genoem het. Hoeveel het ooit daardie woord gehoor? Wat was dit? Was die twaalf stene, ses aan elke kant, van die twaalf aartsvaders; jasper, Juda, en so meer, en verder aan, die twaalf stene. En dan het hulle hierdie profeet geneem, of dromer, en hulle het hierdie borsplaat opgehang, en hulle het hom daar laat staan. En hulle het gesê, "Profeteer nou en vertel jou profesie."

"Die Here het met my gespreek en sekere-sekere dinge gesê."

285 Maak nie saak hoe werklik dit geklink het nie, dit mag klink asof dit net volmaak die waarheid is; maar as daardie ligte nie saamgekom het en 'n reënboog kleur daaroor gemaak het nie, die Urim Tummim, daardie ligte nie saamgeval het, die bonatuurlike gewerk het, bevestig het nie. Sien, God het altyd Sy Woord bevestig. Sien? En daardie bonatuurlike ligte het nie geflikker daarop nie, dan gee ek nie om hoe werklik dit geklink het nie, dit was verkeerd.

286 As 'n dromer gesê het, "Ek het 'n droom gedroom, en hierdie droom het gesê, dat, 'Israel moet verskuif en na 'n sekere plek toe gaan, want die Siriërs gaan aan *hierdie* kant inkom en dit in besit neem.'" Hulle het daardie dromer daarheen geneem; hy het sy droom vertel. As daardie ligte nie daaroor geflikker het nie, was hy verkeerd, maak nie saak hoe. . . As die Siriërs alreeds in geveg was daar anderkant, was hy verkeerd. Nee, meneer. Hulle, absoluut, dit moes bewys word deur die Urim Tummim.

287 Nou almal weet dat die ou priesterskap weg was, mee weggedoen was, en die Urim Tummim het daarmee saam gegaan. Ons weet dit, weet ons nie? [Gemeente sê, "Amen."—Red.]

288 En die nuwe priesterskap het ingekom. En, wat, het ons 'n Urim Tummim vandag? Ja, meneer. God se Woord! Ja, meneer. *Hierdie* is dit. [Broer Branham wys sy Bybel—Red.] As enige man enige soort van 'n openbaring het, of enigiets spreek, of enige leerstelling wat nie volgens en by-. . . en bybly met hierdie Bybel, dwarsdeur die hele Skrif nie, is hy verkeerd. Ek gee nie om watter denominasie hy is, hoe goed hy is, hoe slim hy is, hoe geleerd hy is nie; hy is verkeerd.

289 En wanneer enige man jou hierdie dinge vertel, wat ons hier in die kerk geleer het nou, en jou vertel, dat, "As jy besprinkel is, is dit goed so," het hy jou 'n leuen vertel. Dit sal nie op die Urim Tummim flikker nie. Wanneer hy jou vertel, dat, "Water oorgiet is goed so," het hy jou 'n leuen vertel. Hy jou vertel, "Om gedoop te wees in die naam van 'Vader, Seun, Heilige Gees,' is goed so," het hy jou 'n leuen vertel. As hy jou vertel, "Die dae van wonderwerke is verby," het hy jou 'n leuen

vertel. As hy jou vertel, "Dit is goed so vir vrouens om te preek," het hy jou 'n leuen vertel. As hy jou vertel, "Dis goed so vir jou om voort te gaan en by jou denominasie te bly," het hy jou 'n leuen vertel. Dit sal nie flikker op die Urim Tummim nie. En dosyne van dinge wat uitkom, in daardie ou "MOEDER HOER," en deurkom daar, en dít is waarom ons wegbly van die denominasie.

290 Ons is lief vir ons broers en susters daar in daardie denominasies. Maar jy gaan nie, en sê, "Ek is 'n Metodis," en maak jou 'n Christen, vir my nie. Jy is 'n Christen omdat jy gebore is deur die Gees van God. Jy hoef nie Metodis of Baptis te wees nie. Jy hoef geeneen te wees nie. Jy moet net gebore wees uit die Gees van God. Glo julle dit? [Gemeente sê, "Amen."—Red.]

291 Op hierdie basis, as enigiemand hier is en wil saamwerk en inkom in die gemeenskap van hierdie aanbidding, en wil—wil onderdompel word, gedoop word in die Naam van Jesus Christus, hier's die bad. Hulle gaan doop, in net 'n minuut.

292 As daar enige is, baie hier, enigiemand wat wil kom, in enige ander manier? Ons is hier. Dis reg.

293 Nou, ons—ons het geen lidmaatskap nie; jy kom net hierheen na hierdie kerk. Ons glo dat Christus in die Metodiste kerk is, die Baptiste kerk, die Presbiteriaanse kerk. Hy het lede in elkeen van hulle. En wat skort, vandag; is valse profesie wat daardie dinge uitbring, die leringe van daardie kerke, wat absoluut teenstrydig is met die Bybel.

294 Nou, as enigiemand Dit só duidelik gemaak het vir my, sou ek myself beslis gekry. . . Ek glo daar is genoeg Gees van God in my, om daardie Bybel te deursoek en te kom en dit reg te maak. As ek net opgestap het en hande geskud het met die prediker, en my naam op die boek geplaas het, en steeds haat en kwaadgesindheid in my hart gehad het, en steeds jaloesie en twis gehad het, en steeds nie geglo het vir Jesus Christus om die groot geneesheer te wees nie, en so aan soos daardie, sou ek gaan regmaak met God, baie vinnig. Ek glo beslis ek sou. Ek—ek sou só eerlik gewees het daaromtrent. Ek sou gaan regmaak het met God. As ek net vasgehou het omdat ek 'n Baptis was of 'n Metodis, sou ek gaan en Christenskap in my hart kry. Ek sou dit doen. Ja, meneer.

295 Nou onthou die komende herlewing, wat sal begin, soos die Here wil, hierdie komende Woensdagaand. Dis op hierdie basis.

296 Luister, vriende, daar is 'n ware en lewende God. Dis reg. Jesus Christus was die Seun van God. Die Heilige Gees is in die Kerk vandag.

297 Nou, as ek net iemand gehad het om my dit te vertel, sou ek 'n reg gehad het om dit te betwyfel. Maar, luister. Eendag lank

gelede, as ’n klein seuntjie, het ek onder ’n boom gestaan, en ek het Hom gesien. Ek het Hom gehoor. Hy het my vertel, gesê, “Bly weg van daardie slegte vrouens. Bly weg van die sigarette. Bly weg van vloek, drink, en al hierdie dinge. Ek het werk vir jou om te doen wanneer jy ouer word.” Ek weet Hy is ’n werklike, lewende God wat Sy Woord behartig.

298 Toe ek ’n bietjie ouer geword het, hoe het Hy my ontmoet, hoe het Hy met my gepraat! Hoe het ek het Hom daar gesien, soos die brandende bos, en daardie Vuur wat daar rondbeweeg het! Hoe het ek Hom gesien spreek en vertel net presies wat sou plaasvind; en, elke keer, tref dit net so presies as wat dit kan wees, volmaak soos daardie.

299 Dieselfde Een wat daardie volmaakte dinge soos daardie sê, is dieselfde Een Wie my inspireer om hierdie Bybel te onderrig net soos wat ek Dit onderrig. Dis reg. So, Dit kom van God. Vir my, is dit God Almagtig, en Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

300 Jesus het gesê, “Ek kom van die Vader, en Ek gaan na die Vader.” Toe Hy gekom het . . .

301 Toe Hy God in die wildernis was, was Hy ’n brandende Lig. En hoeveel weet dit? [Gemeente, “Amen.”—Red.] Hy was ’n brandende Lig, Pilaar van Vuur.

302 En Hy het hier op die aarde gekom, en Hy het gesê, “Ek kom van die Vader, en Ek gaan . . . Ek kom van God, en Ek gaan terug na God.”

303 Toe Hy gesterf het, begrawe was, weer opgestaan het, en Paulus op sy pad na Damaskus Hom weer ontmoet het, wat was Hy? [Iemand sê, “’n Pilaar van Vuur.”—Red.] Steeds ’n Pilaar van Vuur. Ja, meneer.

304 Wat het Hy gedoen toe Hy hier op aarde was? Wat het Hy gedoen toe Hy Paulus ontmoet het? Hoe het Hy hom gestuur? Hy het hom gestuur na ’n profeet wat hom vertel het hoe om gedoop te word, hom vertel het wat om te doen; sy hande op hom gelê en hom genees, hom vertel hy het ’n visioen gesien.

305 Daardie selfde Jesus is hier vandag, doen dieselfde dinge, en steeds dieselfde Pilaar van Vuur, leer dieselfde ding, en bevestig dit deur Sy Woord, en deur tekens en wonders. Ek is so bly om ’n Christen te wees, ek weet nie wat om te doen nie. Ek is bly dat julle ’n Christen is.

306 En julle, Tabernakel hier, ek het julle gesê ons gaan die naam hiervan verander. Dis nie reg vir dit om Branham Tabernakel te wees nie. Dis net ’n man, sien. Ons gaan die naam daarvan verander, dit ’n ander naam maak. Ons sal daarby kom, na ’n rukkie. Ek wil dit net ’n—’n kerk van die lewende God hê. Ek wil dit nie Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster hê nie, ek . . .

307 Al daardie mense, ek het hulle lief met my hele hart. Ek weet nie watter een is watter nie. Ek kan julle nie sê nie. Ek moet net die Woord preek. Ek gooi die net en trek dit in. Daar is paddas, en daar is water spinnekoppe, en daar is slange, en daar is vis, ook. Dis vir God om dit te besluit. Ek trek net die net, preek net die Woord en trek dit in, en sê, "Hier is hulle, Here, al rondom die altaar. U Ken U Eie; U het hulle geken vanaf die grondlegging. Ek weet nie watter is watter nie. U weet, so dis vir U om te besluit, Here. Dis die beste wat ek kan doen. Ek sal hiernatoe gaan en die net elders trek nou, en 'n ander groep inkry. Dis al wat ek kan doen." Nou goed.

O, ek voel om verder te reis,
Ek voel om verder te reis;
My Hemelse Huis is helder en mooi,
En ek voel om verder te reis.

308 Nou onthou, enigiemand wat die afsprake wil hê, skakel net Mnr. Mercier hier, of BUtler 2-1519. Ons sal julle graag wil sien. As julle geliefdes inkom, moet uithaas gedurende die tyd van die herlewing. . . Nou gaan ek, vanaf vanaand, om by myself te wees, en sal weg wees vir twee dae nou, by myself.

309 Ek gaan net daar in en begin studeer, soos dié, "Here, U is naby my. Ek weet U is hier. En U Woord het gesê U sal tot hulle nader wie tot U nader." Ek hou aan om te bid en waak totdat ek sien daardie Pilaar van Vuur begin te beweeg. Ek weet dis dan gereed. Dan stap ek in na die platvorm vir die genesingsdiens, om te bid, en te doen wat ek kan om die siekes en geteisterdes te help.

310 Ons waardeer al julle goedheid nou. En wanneer julle kom, kom in geloof, en ons verwag om 'n goeie diens te hê. Ek wil sê dat. . .

311 Broer Jefferies, is hy hier vanaand? Ons wil Broer Jefferies en sy werk waardeer. Ek dink hy is terug na die eilande, en so aan.

312 Bly om Broer en Suster Wright te sien, en baie van julle mense hier.

313 En ek het prokureur Robertson hier gesien, 'n rukkie gelede, het 'n rukkie gelede ingekom. En wou hom komplimenteer op sy—op sy boodskap wat hy die ander dag gehad het. Niemand het gesê wie dit was nie; ek het my geskaam. Hy het 'n baie goeie boodskap gehad op profesie, iets soos ek vanaand gepreek het.

314 En, so, dan was daar 'n ander prediker hier vanmôre, of gisteraand, Broer Smith, van die Metodiste kerk. . . of van die kerk van God, hier anderkant. Ek weet nie of hy hier is

vanaand, of nie. As jy ooit in hierdie preekstoel staan en daardie kant toe kyk, is dit soort van moeilik om te sê; dis plat, julle sien, en jy kan nie sê nie. As jy hier is, Broer Smith, ons waardeer jou.

315 En is hierdie nie, wat reg hier sit, hierdie broertjie van Georgia, wie net hier agter by Broer Collins sit nie? [Broer Neville sê, "Ja."—Red.] Bly om jou weer hier te sien vanaand, broer.

316 En die res van julle, almal van julle, elkeen weet wie hy is.

317 Ek dink hierdie is die suster en broer hier wie gegaan het en gebid het vir die meisie daardie keer, hier, 'n dokter wat reg hier aan die kant sit. Die Here seën jou, dokter.

318 Nou, moet asseblief nie geaffronteer voel met my nie, julle predikers en broeders, vir die manier wat ek hierdie streng indryf net so hard as wat ek kan nie. Hierdie is ons Tabernakel. Dis waarvoor ons staan, en ons wil Dit presies op daardie Woord vaslê, en hulle skud Daarmee. Dan, as julle ooit uit lyn gaan, gaan ons terugkom en sê, "Jy het beter geweet. Hier is Dit op die band." Sien? Daar het jy dit. "Hier is Dit op band."

319 Ons het heelwat meer wat behoort aan te gaan, dan, Leo. Maar, maar ons . . . Julle het tot sover. Bly julle reg Daarmee, en ons sal die res Daarvan na 'n tydjie kry. Soos die man was, terwyl hy waatlemoen geëet het, gesê het, "Dit was regtig lekker, maar daar is meer daarvan." So ons het heelwat meer van Dit, nog, wat kom.

320 Die Here seën julle, baie goed nou. Terwyl ons . . . Gaan ons doopdiens nou hê. Is dit reg, Broer Neville? [Broer Neville sê, "Ja, ek verstaan so."—Red.] Is daar iemand hier om nou gedoop te word? Ons gee nie om wie jy is nie; ons—ons is hier om te doop. Steek op julle hande, diegene wat gedoop moes word. Iemand, ek verstaan dit was 'n . . . Hier is 'n dame hier. En was enigiemand anders? Nou, ons het klere hier vir beide mans en vrouens.

321 Nou, ons sê nie, "Los die Baptiste kerk. Los die Metodiste kerk" nie. Ons sê nie. Gaan jy reguit terug na jou kerk. Maar as jy nie gedoop was volgens die Skrif nie, in die Naam van die Here Jesus . . . Nie in die Naam van "Jesus" alleen, nou nie. In die Naam van die "Here Jesus Christus," dis die Skrif. Jy is verkeerd gedoop.

322 Ek wil geen moeilikheid hê wanneer ek by die rivier kom nie. Ek wil alles so duidelik hê as wat ek weet hoe, wanneer ek daardie kaartjie hou, sien, want ek wil aan boord gaan teen daardie tyd. Ek adviseer jou om dieselfde te doen.

323 Gaan terug na jou kerk. Dis op, tussen jou en God. Dis al wat ek julle kan vertel.

324 Maar niemand in die Skrif was ooit gedoop op enige ander manier as die Naam van die "Here Jesus Christus" nie. En hulle wie gedoop was, was beveel deur Paulus, wie gesê het, "As 'n Engel enigiets anders preek, laat hom in vervloeking wees." Hulle beveel om te kom en oorgedoop te word, weer, in die Naam van die "Here Jesus Christus." Dis reg. En hy het dit gedoen. En wat hy gedoen het, het hy ons beveel om te doen; en dit sal ons doen, as God so wil.

Ons glo in voete was. Ons glo in nagmaal.

325 Ons glo in die tweede Koms van Christus, die sigbare, liggaamlike liggaam van die Here; nie Gees nie, maar die liggaamlike liggaam van die Here Jesus wat weer gaan kom in heerlikheid.

326 Ons glo in die fisiese opwekking van die dode, om 'n liggaam te ontvang, nie oud en verrimpeld soos ons in die graf gaan nie; maar 'n nuwe een, in die ware saligheid van jonkheid, om vir altyd te lewe.

327 Ons glo in die onsterflikheid van die siel, absoluut. Ons glo daar is slegs een vorm van Ewige Lewe, en dis die Lewe wat jy kry van Christus Jesus. Dis presies reg.

328 Daarom, ons glo nie aan Ewige straf nie. Ons glo in 'n helse vuur, swawel branding, maar ons glo nie dit brand vir altyd nie; as dit sou, het jy Ewige Lewe. Daar's slegs een Ewige Lewe; Dit kom van God. Dis reg. Jy sal verbrand word, miskien vir 'n miljoen jaar, tien miljoen jaar, ek weet nie, maar jy kan nie Ewige Lewe hê nie. Jy kan nie vir altyd brand nie. . . Jy kan vir altyd brand, maar nie Ewig nie. Sien, daar's 'n verskil tussen Ewig en vir altyd. *Vir altyd* is vir altyd en vir altyd, 'n voegwoord, beteken 'n "tydspasie." Maar, Ewig, jy het nie Ewige straf nie.

329 Jy het Ewige Lewe, want daar's slegs een vorm van Ewige Lewe. En hy wat Ewige Lewe het, lewe en is geseënd van God vir altyd.

330 "Maar die siel wat sondig, daardie siel sal. . . " Wat? [Die gemeente sê, ". . . sterf."—Red.] Dis reg. Dan, dit het nie Ewige Lewe nie. Beslis. Dit het—dit het sy straf, maar nie Ewige Lewe nie.

331 So, julle sien, daar is baie dinge om nog onderrig te word, ons sal later daarby kom. Die Here seën julle.

332 Nou laat ons hierdie goeie ou lied sing, terwyl ons suster daar ingaan. Ek verstaan hierdie dame hier mag. . .

333 Rosella, is daardie jou moeder? [Suster Rosella Griffin sê, "Ja."—Red.] Wel, seën jou hart! Bly om jou te sien, suster, dit te doen. Dis baie goed.

334 Rosella Griffin, een van die gaafste klein vriendjies wat ons gehad het. Sy is 'n jong vrou wat 'n alkoholis was; vir sommige van julle mense hier, mag 'n vreemdeling wees. Rosella gee nie om dat ek dit sê nie. Toe sy op die platvorm gekom het daar bo by—by waar...bo hier in Indiana. As jy ooit 'n ellendeling gesien het, sy was een van hulle, 'n puiloog alkoholis. Waar, vier dokters van Chicago het gesê sy is...Die "Alcohols Anonymous" [Alkoholiste Naamloos—Vertaler], en alles, het opgegee met haar. Maar een aand toe sy in die diens kom, het die Heilige Gees haar lewe ontrafel en haar net daar vertel. Dit het dit afgehandel.

335 Kyk na haar nou, ek dink, dertig jaar of so iets oud, sou deurgegaan vir agtien; mooi, pragtige jong vrou. Nooit wiskey sedertdien geproe nie; geen begeerte meer daarvoor nie. Lewe vir Christus, gaan rond in die strate, orals, getuig tot die heerlikheid van God, aan sondaars en alkoholiste, al deur doolgange, en alles, deur Chicago, doen iets vir die Here.

336 Sy was gedoop in die Naam van die Here Jesus, en haar moeder kom vanaand om dieselfde te doen; as 'n God haar kon genees, as Jesus haar kon genees..."Wat julle ookal doen in woord of in daad, doen dit alles in die Naam van..." [Gemeente, "...Jesus Christus."] Dis wat die Bybel gesê het. Dis reg.

337 Nou goed, nou gaan ons die doopdiens hê. Ons gaan die ligte afskakel vir net 'n paar minute terwyl ons regmaak vir die diens, om gedoop te word, en—en dan verwag ons 'n goeie tyd in die Here.

338 Gaan julle die doopdiens vanaand hê? Nou goed, julle beter julle beter gereedmaak. En ek sal begin, ek sal die sange lei en dinge terwyl ons dan voortgaan. Terwyl hulle gereedma—... [Broer Neville sê, "Is daar enige klere hieragter, Dok?"—Red.] Doopklere, Dok, gou-gou. Nou goed.

339 Kom ons sing net een van hierdie goeie ou... [Broer Branham lei die gemeentelike sang, terwyl Broer Neville die suster doop—Red.]

340 [Leë plek op band—Red.] En totdat ons dit doen, soos ons vertrek, wat moet ons doen?

Neem die Naam van Jesus met ons,
Val neergeboë aan Sy voete,
Koning van konings in die Hemel, sal Hom kroon,
Wanneer ons reis voldaan is.

Nou goed, op ons voete!

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van sorge en van smart;
Dit sal vreugd' en vertroosting jou gee...

341 Ek sal julle sê wat ons moet doen. Draai reg om en skud hande met iemand daar, en sê, "Hoe gaan dit, broer? Ek is so bly om met jou vereenselwig te wees."

Dierb're Naam, O hoe soet!
Hoop van aarde en vreugd' van Hemel;
Dierb're Naam, dierb're Naam, O . . .

Die Slang Se Saad, Vol. 8 Nr. 6
(*The Serpent's Seed*, Vol. 2 No. 4R)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagaand, 28 September, 1958, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 1994 deur:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org